

1:81

Mateland

1:81





Die Cabernet van cabernets.

'n Cabernet met 'n besondere karakter en gracie.

Al jare lank as Superior gesertifiseer en waardeer.

Zonnebloem Cabernet. 'n Heerlike, mondige wyn. Voortreflik rond en vrugtegeurig.

Met subtiese smaaknuanses wat heeltemal uniek is. En daarna.

'n Behaaglike herinnering aan 'n edele ontmoeting.

Zonnebloem Cabernet. Edel, volrond en onvergeetlik. ☺

Vir inligting oor wyn, skryf asseblief aan: Afdeling Wynontwikkeling, Die Stellenbosch Boerewynmakery Beperk, Posbus 46, Stellenbosch 7600.

JWT 8821/2L




JAARGANG 25
APRIL 1981

Matieland

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS
VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
DEUR DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING
ONDER REDAKSIE VAN DOUGLAS DAVIS

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel en Fokus	3
U.S. se nuwelinge verwelkom	4
Dag ná dag verryk hy Afrikaans	8
Koor gaan weer toer	9
Blaasorkes aan't beweeg	9
M.Mus oor Sangfees	9
Terug op die kampus	10
Konvokasie '80	12
U skryf aan . . .	15
Dr. Snijman span uit	16
Noord-Kaap hoor van STELLENBOSCH 2000	18
Aanstellings en bevorderings	22
Militêre Akademie 30 jaar oud	24
In Memoriam	28
STELLENBOSCH 2000 op pad na R3 miljoen	30
Skenkerslyste	32
The E.T.S. Brown	49
Kanselier open B. J. Vorster-gebou	50
Hanekom in U.S. se Raad	50
Herman Giliomee na Cambridge	50
Oudstes kom terug	51
U.S. vereer Botha en Louw	52
Die groot beloning	54



Hy het Vergilius
in Afrikaans
vertaal
— bl. 8



Militêre Akademie 30 jaar oud
— bl. 24



The E.T.S. Brown
puts to sea
— p. 49



Oudstes
kom terug
— bl. 51

Voorblad:
*Die voorstel-
lingsparade
tydens die 30e
bestaansjaar-
viering van die
Militêre Akade-
mie op 10
Desember 1980.
(Lees op bl. 24
en verder). Foto:
Colin Edwards.*

EKSKLUSIEF BY DE WETS

BESKIKBAAR VIR DIE EERSTE KEER

OUD-STUDENT KATOEN T-HEMDE: Vlootblou met wapen op bors — kleurvas, kortmou, V-nek
(foto op agterbinneblad)

PRYS: R5,95 + AVB 24c + posgeld 35c + KBA
fooi R1,00 = Totaal ... R7,54

BESTEL NOU: (*Uit voorraad lewerbaar*)
Groottes: klein, mansgrootte, groot, ekstragroot en 2x groot.

DONKERBLOU OUD-MATIESWEETPAKKE

Groottes: (borsmaat)

R32,50 + AVB R1,30: 36 dm — 92 cm; 38 dm — 97 cm;
40 dm — 102 cm; 42 dm — 107 cm.

R33,15 + AVB R1,32: 44 dm — 112 cm; 46 dm — 117 cm.

R34,75 + AVB R1,39: 48 dm — 123 cm; 50 dm — 127 cm.

Posgeld: 60c; KBA fooi: R1,00

DONKERBLOU OUD-MATIE-, PRUIMROOI MATIE- RUGBY EN DAGBREEKDASSE

Prys: R8,95 + AVB 36c + posgeld 35c + KBA fooi R1,00 = Totaal ... R10,60

Eksklusief — Net By
GEBRS. DE WET (Birdstraat 21), Posbus 21, Stellenbosch 7600
(Telefoon: 3001)

DONKERBLOU OUD-MATIE-, INGENIEURS- OF REGSFAKULTEIT-KLEURBAADJIES

Groottes: (borsmaat)

34 dm — 87 cm	36 kort — 92 PS	34L dm — 87L cm
36 dm — 92 cm	38 kort — 97 PS	36L dm — 92L cm
38 dm — 97 cm	40 kort — 102 PS	38L dm — 97L cm
40 dm — 102 cm	42 kort — 107 PS	40L dm — 102L cm
42 dm — 107 cm	44 kort — 112 PS	42L dm — 107L cm
44 dm — 112 cm		44L dm — 112L cm
46 dm — 117 cm		

PRYS: R69,95 + AVB R2,80 + posgeld 60c + KBA fooi R1,00 = Totaal ... R74,35

REDAKSIONEEL

DIE ontoereikende aantal akademiese opgeleide wetenskaplikes wat jaarliks deur universiteite in Suid-Afrika voortgebring word, is onrusbarend.

Suid-Afrika se wapenbedryf, die versnelde ontwikkeling van Sasol II en III en die goudprys (wat 'n toename in die mynboubedryf tot gevolg gehad het), is maar enkele faktore wat dié ontoereikendheid weer eens duidelik beklemtoon het. Verlede jaar het daar skaars 200 ingenieurs per miljoen blanke inwoners van Suid-Afrika aan universiteite klaargemaak. Die syfer vir ons hele bevolking is 'n skrale 37 teenoor 350 per miljoen inwoners in 'n land soos Taiwan, wat 17 miljoen inwoners het teenoor Suid-Afrika se sowat 25 miljoen. Dit is inderdaad verstommend dat Suid-Afrika nog sy internasionaal erkende hoë nywerheidstandaarde kan handhaaf.

Aan hierdie Universiteit word daar feitlik daagliks besef dat Jan Publiek nog heeltemal te min weet oor die natuurwetenskappe — selfs in dié kerneue waarin ons leef. Dit blyk duidelik uit navrae wat gedurende die jaar ontvang word, dit blyk duidelik uit die soort vrae wat uit die gelede van besoekersgroepe aan verskillende fakulteite en departemente gerig word. Dit is duidelik dat die man op straat vollediger ingelig behoort te word.

Meer inligting en nuus oor die doen en late van die wetenskaplike behoort bekend gemaak te word. Die wetenskaplike moet in dié verband groter prominensie geniet. Hoe? Die nuusmedia kan 'n groter rol speel as wat op die oomblik die geval is. Prestasies en publikasies van die natuurwetenskaplike geniet oor die algemeen in die nuusmedia veel minder aandag as dié van mense in sommige ander beroepe. Dit hoef nie so te wees nie. Maar dan moet redaksielede die wetenskap op gewilder vlak vertolk en aanbied. Met ander woorde die feite só probeer weergee dat dit ook vir die gewone mens leesbaar, verstaanbaar en interessant is.

'n Goeie voorbeeld is die TV-program van enkele maande gelede, *Uit die Brandkluis*. Die aanbieder het sy inligting op so 'n wyse oorgedra dat die meerderheid Suid-Afrikaanse kykers voor hulle stelle vasgenael gesit het ongeag 'n belangstelling in die wetenskap aldan nie.

Die nuusmedia in Suid-Afrika kan gewis meer doen om die dringende tekort aan wetenskaplikes te verlig, maar dit is nie waar die groot knoop lê nie.

Soos vermeld, is Suid-Afrika en Taiwan se bevolkingsgetalle vergelykbaar en ondanks beperkte natuurlike hulpbronne, handhaaf Taiwan 'n baie hoër ekonomiese groei as Suid-Afrika. Dit dui in hoofsaak op 'n goed uitgewerkte opvoedingstelsel wat genoegsame geskoold arbeid verskaf. Dié stelsel in Taiwan is só doeltreffend dat 80% van alle ingenieurstudente bv. hulle kursus binne vier jaar suksesvol voltooi teenoor die 50% van alle blanke studente in Suid-Afrika wat hulle vir die kursus laat inskryf, maar dit nooit voltooi nie.

Die gevolge van 'n tekort aan wetenskaplikes in ons land strek wyd en kan selfs daartoe aanleiding gee dat nywerhede wat met die gerief en oorleweling van ons manne aan die grens verband hou, probleme gaan ondervind om bevredigend te funksioneer. Dit is 'n remskoen wat Suid-Afrika moet regstel.

FOKUS



"**H**Y'S 'n wenner — al die pad!" Dit was onlangs 'n student se kommentaar toe hy die nuus verneem het dat mnr. Jan Pickard die Westelike Provincie se nuwe rugbybaas is.

Die W.P.-Rugbyunie se nuwe voorsitter in die plek van mnr. Hannes Pretorius (wat onverwags in Januarie oorlede is) is eintlik 'n dubbele wenner want op sakegebied is hy voorsitter van die Picbel-beleggingsgroep van sowat R150 miljoen sterk, en as kaptein van die Streeptrui in die jare vyftig was die Curriebeker feitlik Kaapse eiendom!


Jan Albertus Jacobus Pickard is op Kersdag 1927 op Piketberg gebore. Sy skoolopleiding geniet hy aan Paarl-Gimnasium, en op Maties verwerf hy die graad B.Sc. in landbou. Op Stellenbosch het hy eers losskakel en later heelagter gespeel — totdat die legendariese Oubaas Mark hom onder die voor-spelers ingedruk het.

Hy het die W.P. tussen 1951 en 1960 in 52 wedstryde verteenwoordig — in 36 was hy kaptein. Onder sy aanvoering het die Streeptrui die gesogte Curriebeker drie keer gewen: in 1954, 1957 en 1959. In daardie jare was Jan Boel Pickard — só het rugbyskares hom geken — se naam van Maandag tot Maandag op almal se lippe, en het hy naam gemaak as een van die mees uitgeslape kapteins in Suid-Afrikaanse rugby.

Jan Pickard het sy Springbokkleure verwerf toe hy gekies is vir die 1951/'52-toerspan na Brittanje en Frankryk. Hy het op dié toer nie in 'n toets gespeel nie. In 1953 het hy in twee toetse teen die Wallabies uitgedraf. Op die Springboktoer van 1956 in Nieu-Seeland is hy net vir een toets — die enigste wat die 'Bokke kon wen — gekies.

Oor Jan Pickard het Dok Craven onlangs geskryf: "Hy sal in elk geval voortleef in ons rugbygeschiedenis, lank nadat baie ander, wat voorkeur bo hom geniet het in Springbokspanne, reeds vergete is."

Jan Pickard se keuse as voorsitter is vir rugby in die W.P. 'n heildronk op môre.



Die Rektor, prof. Mike de Vries

STELLENBOSCH is by uitstek 'n universiteitsdorp — dorp, omgewing en Universiteit vorm 'n harmonieuze eenheid. Hierdie driehonderdjaar oue dorp met sy mooi gerestoureerde geboue, sy eikebome en sy watervoortjies het 'n besondere bekoring. Ook ons Universiteit het 'n identiteit van sy eie en dit is hierdie karaktertrekke van Stellenbosch wat ons graag wil behou. Die vraag ontstaan onwillekeurig: wat is die funksie van elkeen van ons om hierdie karaktertrekke van Universiteit en dorp te behou?

Om hierdie onderskeie funksies aan u uit te beeld, wil ek graag van die beeld gebruik maak van drie mense wat stap op die lieflike wandelpaaie aan die hange van Stellenboschberg hier agter Coetzenburg. Rustig, onspanne stap die drie persone in die paadjie wat lei deur die kleurvolle Bolandse natuurskoon. Daar is klippe, daar is opdraandes, daar is afdraandes, maar in die onspanne atmosfeer probeer geeneen van die drie die ander se voortgang en sy genot aan die wandeling versteur nie. Ek wil as beeld gebruik hierdie drie persone wat saamloop, en die een aan u voorstel as die student, die ander as die Universiteit en die derde as die ouer.

DIE STUDENT

Kom ons kyk van nader na die eerste stapper, die student. Wat verwag die ander twee van hom/haar sodat hulle nie uit pas sal wees en die rustige wandeling versteur nie? Hierdie eerste stapper ken die pad sleg, is onseker waarheen dit lei en is nie beïndruk deur die baie draaie in die pad en die baie klippe wat los lê nie.

Baie van u as nuwelingstudente ondervind sekerlik ook hierdie onsekerheid. Hoort ek aan 'n universiteit te studeer? Het ek die regte kursus gekies? Is al hierdie

U.S. SE

Die amptelike opening van die akademiese jaar is op 9 Februarie onder blyke van groot belangstelling in die D.F. Malan-gedenksentrum op Coetzenburg waargeneem deur die Rektor, prof. Mike de Vries. Hy het by dieselfde geleentheid sowat 2 700 nuwe studente aan die Universiteit welkom geheet. Baie van die eerstejaars se ouers was ook teenwoordig en prof. De Vries het hom in sy openingsrede o.m. ook tot hulle gerig. Hier is 'n effe verkorte weergawe van wat hy gesê het:

vakke werklik nodig om uiteindelik daar uit te kom waar ek wil wees? Laat ek u gerusstel, die ander twee stappers is nie onbewus van hierdie onsekerhede nie en is gewillig om te help.

Die Universiteit, sy doserende personeel, sy hulpdienerspersoneel en sy administratiewe personeel, sowel as sy senior studente, verstaan hierdie onsekerheid. Daarom wil ek u nooi, en dit is my eerste uitnodiging aan u, om in hierdie oriënteringstyd gebruik te maak van die hulpmiddelle wat die Universiteit d.m.v. sy Buro vir Studentevervoegting aanbied om seker te maak dat die keuses wat u gemaak het, die korrekte vir u is.

Hoewel hierdie eerste stapper se begin onseker is, is daar baie wat in sy guns tel en wat kan verseker dat hy die wandeling suksesvol voltooi. In 1980 was hier aan ons universiteit 2 561 nuwelinge uit 'n totaal van 11 954 ingeskreve studente — wat terloops 'n toename van 350, ofte wel 'n 3% groei vergeleke met 1979, beteken het. Van hierdie groep nuwelinge het 74,6% 'n C-simbool (60%) of hoër in die matriekskasamen behaal. Die gemiddelde I.K. van hierdie groep nuwelinge was 118,4; 98% van hulle het 'n I.K. gehad wat hulle in die groep normaal, slim-normaal, superieur of baie superieur plaas; 23,3% was in die baie superieure klas en 16% in die superieure klas, terwyl nog bykans 21% in die slim-normale klas gevall het.

Volgens ons aansoekers vir vanjaar, is daar alle rede om te glo dat getallegewys en gehaltegewys hierdie besondere goede studentemateriaal gehandhaaf sal word, of selfs sal verbeter. Met hierdie verstandelike toerusting tot u beskikking, behoort daar nie probleme te wees om die pad suksesvol te loop nie.

Ons statistiek dui egter aan dat die sukseskoers van nuwelingstudente, d.w.s. die deel van die groep wat die

NUWELINGE VERWELKOM

graad- of diplomakursus suksesvol voltooi het, van die jare 1972 en 1973 ongeveer 78% was. Dit is 'n besondere hoë syfer as dit vergelyk word met die gemiddelde sukseskoers van al die residensiële S.A. Universiteite, maar dit is nogtans nodig om te vra waarom daar uit dié Universiteit 22% van studente wat oor die nodige vermoëns beskik en van wie sommige selfs in die hoë I.K.-groepe val, verdwyn sonder om 'n graad of diploma suksesvol te voltooi. I.K. op sy eie is nie noodwendig 'n goeie voorspeller van sukses aan universiteit nie. Die uitslae van die matriekskamsen is 'n redelike aanduiing, maar ook hier, veral met die koms van die gedifferensieerde stelsel en die opblaaseffek van die bonuspunte, is die korrelasie met prestasie op universiteit nie besonder hoog nie.

Waaraan moet die mislukte pogings dan toegeskryf word? Is dit moontlik 'n gebrek aan motivering? Is dit moontlik foutiewe studiemetodes? Is dit moontlik gesondheidsprobleme? Is dit dalk geldelike probleme?

Indien dit enige hiervan is, of enige ander probleem, wil ek my tweede uitnodiging tot u rig: identifiseer die probleem so spoedig moontlik en vra hulp by die Universiteit. Die dosente is daar om u enige tyd te woorde te staan en te help om probleme te oorkom en die hulpdienste van die Universiteit is daar om probleme te help oorbrug.

Die Universiteit en sy mense is nie onsimpatiek nie en waar daar spesiale omstandighede of probleme na vore kom, sal u begrip aantref. So is ons bv. bewus daarvan dat dit duur is om aan 'n universiteit te studeer en is ons bekommerd daaroor dat die kwaai kostestygings van die jongste jare, universiteitstudie buite die bereik van baie verdienstelike studente mag plaas. Daarom beywer ons ons ook daarvoor om deur middel van skenkings soveel beurse en lenings as moontlik beskikbaar te stel. Daarom het ons 'n week gelede besluit om studente wat deur die vloedramp getref is, geldelik te help deur beurse en/of lenings, sodat hulle met hulle studies kan voortgaan of dit kan begin.

Ek kan noem dat in 1980 die Universiteit uit sy Eeu-festrustfonds se opbrengs en uit ander spesifieke skenkings R521 000 vir beurse en R266 000 vir lenings beskikbaar gestel het en dat nog 'n bedrag van R6 miljoen vir beurse van buite-instansies, deur die Universiteit geadministreer is.

Daar mag egter ook 'n ander rede vir teleurstellings wees, nl. 'n aanloklike sypad wat u wegtrek van die saamstap op die hoofroete. Stellenbosch het 'n vol studentelewe en hierin speel sy koshuis- en wyksorganisasies 'n baie groot rol.

In die 24 Universiteitskoshuise was daar verlede jaar 4 986 studente gehuisves en nog bykans 200 was in huise wat aan die Universiteit behoort, woonagtig. Deur die koshuisorganisasies en ses privaatwykorganisasies, probeer die Universiteit reeds verseker dat 'n student in die kleiner groep, tuis sal voel en nie in die massa sal vereensaam nie. Maar juis hierdie ryk studentelewe met sy Karnaval, Intervarsity, talle koshuisfunksies, talle sportbyeenkomste en talle verenigings waaraan u kan meedoene, kan ook die gevaar inhoud dat u op 'n sypad verdwaal.

Ek noem net terloops dat 'n motor nie 'n móét op Stellenbosch is nie — dit is selfs nie eens 'n noodsaaklike euwel nie! Nog die Universiteit, nog u ouers kan oor u tydsbesteding toesig hou en u prioriteitslys vir u opstel. Die Universiteit se oordeel oor die gehalte van die akademiese werk wat u verrig het, kan egter as u u prioriteite verkeerd stel, aan die einde van die semester of die jaar, hard en finaal wees. Dan word daar nie gevra waar u afgedwaal het nie, maar slegs geoordeel of u die hoofroete voltooi het.

DIE UNIVERSITEIT

KOM ons kyk na die tweede stapper, die Universiteit. Ek het reeds gesê dat die Universiteit begrip het vir die onsekerheid en die probleme van sy medestapper, die student. Hierdie instelling, die Universiteit, bestaande uit doserende en ander personeel, senior studente en oud-studente, het vir homself 'n duidelike beeld uitgemaak van hoe hy die pad wat hy goed ken, wil loop.

Eerstens wil hy nie die mooi, rustige verhouding wat daar bestaan tussen die stappers versteur sien nie. As die student hierdie atmosfeer sou skaad — hetsy by wyse van akademiese oneerlikheid in 'n toets of 'n eksamen, hetsy by wyse van swak gedrag, drankmisbruik of disrespek vir die eiendom van die Universiteit, die dorp en sy medestudente — dan sal die Universiteit nie skroom om daardie medestapper te vra om liefs terug te draai nie.

Maar hoe sien die Universiteit die pad wat hy vir homself uitgestippel het? Sewentig jaar gelede was Suid-Afrika nog grootliks 'n landbouland. Vandag is dit deels 'n nywerheidsland met 'n verfynde ekonomie. Om maar net te handhaaf wat in ons land opgebou is, maar veral ook om vir ons groeiende bevolking werksgeleenthede te verskaf en die kwaliteit van die lewe vir al ons mense te probeer verhoog, is dit nodig dat goedopgeleide, hooggeskolde mense gedurig aan die arbeidsmark gelewer word. Dit is die strewe van die U.S.: om mense te lewer wat ontwikkeling in ons land kan onderneem, kan voortdra en selfs kan help versnel.



Ouers van eerstejaarstudente is voor die ampelike opening van die akademiese jaar kortlik deur die vise-rektor, prof. Roux de Villiers, toegespreek. Hulle is ook die geleentheid gebied om die dekane van die onderskeie fakulteite waarin hulle kinders studeer, te ontmoet. Dié foto is in die Langenhoven-studentesentrum geneem waar die verrigtinge plaasgevind het.

"Dit is die strewe van die U.S. om mense te lewer wat ontwikkeling in ons land kan onderneem, kan voortdra en selfs kan help versnel."

—prof. Mike de Vries

As Universiteit is ons dankbaar dat ons in 1980 weer 'n rekordgetal van 3 162 gegradeerde en gediplomeerde kon lewer. Ons is ook dankbaar dat ons oud-studente op sovele terreine van die samelewings reeds in die verlede as leiersfigure na vore getree het en nuwe leiers steeds te voorskyn kom.

As Universiteit wil ons steeds verseker dat ons afgeronde, akademies goedonderlegde produkte lewer en dat ons die leierspotensiaal ontwikkel. Daarom het ons ook in 1980 met spesiale leierskapontwikkelingskampe vir uitgesoekte eerstejaarstudente begin en sal dit vanjaar vir beide eerste- en tweedejaarstudente voortgesit word, o.m. danksy 'n borgskap deur 'n maatskappy.

'n Universiteit se funksie kan op verskillende wyses gedefinieer word en een van die omskrywings is dat die wesenstrekke van 'n universiteit wetenskapsbeoefening is, d.w.s. onderrig en navorsing. Dit behels ook kennistoepassing wat saamhang met die voorbereiding vir die beoefening van 'n beroep, waarvoor die maatskappy 'n universitaire opleiding nodig ag. Dan sluit dit egter ook in 'n vormingsaspek wat met die student in sy totaliteit handel en nie net aan kennisgerigte aspekte van vorming aandag gee nie, maar ook met emosionele, estetiese en ander aspekte, rekening hou.

Wat die kennisgerigte of akademiese faset van die Universiteit betref, wil hy deur uitstekende vakmanskap en hoë akademiese standarde, verseker dat produkte gelewer word wat aan die eise van die tyd kan aangepas — mense wat goed toegerus is vir die taak wat op hulle wag, wat selfstandige denke geleer is en self inisiatief kan neem.

Daarom sal u ook by die Universiteit gedurige hersiening en vernuwing aantref; derhalwe het die Universiteit gedurende 1980 weer indringend besin oor sy langtermyn-doelstellings. 'n Onderrigbeleid is geformuleer waarin dit as doelstelling gestel is dat die Universiteit rekening wil hou met internasionaal aanvaarde eise en standarde met inagneming van die besondere moontlikhede en beperkinge van die Suid-Afrikaanse omstandighede en bevestig dat die Universiteit daarna streef om die student 'n opvoeding te gee wat hom sal vorm tot 'n ingeligte en verantwoordelike burger met 'n eie oordeelsvermoë. Riglyne om hierdie en ander doelstellings te bereik, is o.m. die volgende:

- Die skepping van soveel geleenthede soos moontlik vir die individuele student om sy kritiese sin te ontwikkel en sy intellektuele horison te verruim;
- Die toerus en aanmoediging van studente wat oor die nodige aanleg en vermoëns beskik om hulle studie op 'n nagraadse vlak voort te sit. Daarom streef die Universiteit ook om die onderrig sover moontlik op die individuele student toe te spits, om die maksimum geleenthede vir selfstandige studie in die onderrigprogram in te ruim en om besondere aandag te gee aan die aanpassingsprobleme van veral eerstejaarstudente;
- Om kontak met die buite-akademiese praktyk te behou en te bevorder, waar sodanige kontak die onderrig ten goede kan kom.

Die Universiteit is van oordeel dat die kennisontploffing meebring dat 'n eerste graad nie noodwendig meer die beste toerusting is vir die leier van mōre nie. Daarom het die Universiteit hom ook verbind om sterk nagraads te ontwikkel en wat sy voorgraadse programme betref, die klem op kwaliteit van aanbieding en op die kwaliteit van sy voorgraadse studentebevolking te laat val. By so 'n benadering is daar bepaald ook struikelblokke, o.m. die Staat se finansiering van universiteite wat op getalle gebaseer is.

Waar ons universiteit op die Stellenbosch-kampus nie meer drasties kan groei nie en ons weens beskikbare fisiese ruimte en vanweë ons groter klem op kwaliteit, 'n afplatting in getalle tegemoet gaan, sal dit sekerlik probleme meebring. Ons vertrou egter dat daar 'n verandering in die wyse van subsidiëring van universiteite sal intrée en dat dit vir ons Universiteit altyd moontlik sal wees om sy allerbelangrikste funksie so doeltreffend moontlik te verrig.

Om hierdie doelstellings te bereik, veral om mee te begin wat nagraadse studie betref, en wetende dat universiteitstudie vandag 'n duur onderneming is, stel die Universiteit dus vanjaar etlike beurse vir nagraadse studie beskikbaar. Uit sy STELLENBOSCH 2000-fondse wat verkry is van donasies deur sy personeel, sy oud-studente, verskillende maatskappye en vriende, stel die Universiteit in 1981 ongeveer 'n R100 000 vir beurse vir nagraadse

studie beskikbaar. Om hierdie ideaal te bereik, verwag die Universiteit van u as nuwelingstudente, wat oor die nodige vermoë beskik, om die volle pad saam met hom te loop en nie net die pad tot 'n eerste graad nie. Sodoende sal ons u help om u beter te bekwaam vir die taak wat op u wag.

Wat die algemene vormingsaspek betref, is dit die strewe van die Universiteit om mense te lever wat aan die toekoms van ons land kan help bou — en wel mense met 'n afgeronde persoonlikheid, 'n ewewigtige oordeel, 'n gebalanseerde lewensuitkyk, 'n begrip en waardering vir die sienswyse van ander en met 'n sensitiwiteit vir basiese beskawingswaardes.

As Universiteit is ons groot waardering verskuldig aan die meer as 40 erkende studenteverenigings, die dertig sportklubs en ons koshuisorganisasie wat almal bydra tot die noodsaklike vorming. Die geleenthede is daar om u perspektiewe te verbreed, maar hou altyd my eerste waarskuwing in gedagte.

DIE OUERS

KOM ons kyk na die derde stapper, die ouer. U het vertroue in ons as universiteit getoon deur u seun/dogter aan ons toe te vertrou. Ons is dankbaar vir die pad wat u reeds saam met hulle geloop het, en die Christelike lewenswyse wat ons by ons studente kan bespeur wat deel is van die huislike agtergrond waaruit hulle kom en die opvoeding waaraan hulle deel gehad het.

Om die atmosfeer op die pad wat ons nou gaan saamloop, nie te versteur nie, verwag ons van u dat u ons Universiteit se hand sal sterk in die uitvoer van ons opvoedingstaak, in die uitleef van basiese lewenswaardes, en om ons hand te sterk in die proses van toesighouding, die handhawing van morele en akademiese standarde, en die toepassing van die nodige reëls en regulasies.


Ons verwag van u om die nodige emosionele stabiliteit te verskaf, want die onseker student kom met baie nuwe dinge in aanraking en sal ook by u kom lig opsteek om nuwe ervarings te verwerk. U sal by u kinders die ontwikkeling van 'n eie wêreld- en lewensbeskouing opmerk, en u sal, want dit is deel van die vormingsproses aan 'n universiteit, 'n kritiese ingesteldheid opmerk. Ons vra u begrip hiervoor. Ons vra u ook om ons te raadpleeg voordat u in verband met die studie en die toekoms van u kind belangrike besluite neem. Ons vra u ook om probleme onder ons aandag te bring.

Ek het die pad wat die Universiteit wil loop aan u uitgestippel. Ons vra u as ouers om mee te help om die atmosfeer sodanig te hou dat ons saam die eindpunt van hierdie pad kan bereik.

Ons stap dus saam op 'n weg waar die moontlikhede geskep is om u potensiaal as studente ten beste te ontwikkel, maar dit is 'n weg waar dit afhang van uself of u daarin sal slaag. Stellenbosch met sy onkeerbare wil om 'n opbouende bydrae te lever deur die stempel van produkte, bied u die geleentheid om u vir latere diens te bekwaam. As u van hierdie geleentheid gebruik maak, dan sal u studietyd op Stellenbosch 'n wonderlik ervaring wees.

Ek vertrou dat die akademiese jaar 1981 vir u 'n verrykende ervaring sal wees en dat u aan die einde van die jaar met genoegdoening op die pad wat u geloop het, sal kan terugkyk.

DAG NÁ DAG VERRYK HY AFRIKAANS



DIT was liefde met eerste oogopslag. Dit was ook 'n liefde wat nie deur tyd afgewater is nie — eerder die teendeel ...

Die eerste dag toe Nicholaas Blanckenberg as jong Matie met Vergilius in die Latynklas te doen gekry het, het hy besef: hierdie groot klassikus, die eintlike beginpunt van die moderne literatuur, móét vir die man in die straat ook leesbaar gemaak word.

Vandag, met 77 somers agter die rug, kan Nicholaas Blanckenberg terugkyk op 'n lewensideaal wat verwesentlik is. Vergilius — in sy totaal — is in Afrikaans vertaal.

Sy jongste bundel: *Vergilius: Van Wapens en 'n Man*, is pas op die boekrakke van al die vernaamste boekwinkels uitgestal. Sy eerste digbundel *Vergilius: Landelike Poësie* (*Bucolica*, *Georgica*) het reeds vier jaar gelede verskyn.

Vir die meeste mense is dit 'n saak van onmoontlikheid dat iemand Latyn só lief kan hê dat dit 'n lewensideaal en -taak geword het om 'n literêre gebeurtenis van 47 v.C. vir die man in die straat leesbaar te maak. Sy lewensgenot is ook bekroon toe die Akademie vir Wetenskap en Kuns hom in 1977 met die prys vir die beste vertaalde werk bekroon het.

Sy vertaling is in versvorm, aangesien "poësie nie in prosa vertaal kan word nie, te veel van die gees gaan dan verlore."

Maar hoe sien hierdie kenner van die klassieke homself? "Nee, ek is nie 'n klassikus nie, en ook nie 'n Latanikus nie, 'n digter is ek óók nie. Ek beskou myself maar net as 'n kampioen-sukkelaar!"

Waarom het hy huis Vergilius vertaal? "My bewondering vir Vergilius se patriotisme, sy vermoë om sy skryfkuns te laat lewe, maar ook omdat ek glo enige beskaafde taal moet afgesien van 'n Bybel, ook 'n klassieke taal in die Moedertaal hê. Dat ék die man sou wees wat dit uiteindelik gedoen het, sou ek nooit kon droom nie."

Saam met Afrikaans-Nederlands was Latyn een van sy hoofvakke op Maties. Nietemin het hy net vir 18 maande Latyn gedoseer. Sy liefde vir die taal het egter steeds gegroei. Aanvanklik het hy hier 'n mooi stukkie vertaal en daar 'n aantekening gemaak, tot hy uiteindelik in 1971 besluit het om dit in boekvorm vas te lê.

Sy vermoë om uit Latyn 'n herskepping in Afrikaans te maak, met sy eie kwaliteit en aantreklikhede, spreek vanself uit die volgende uittreksel uit *Landelike Poësie*:

*Maar vannag
kan jy hier by my slaap
Ek het 'n vars, groen blarebed vir jou
en appels sappig ryp
kastaïngs sag en melerig
en volop soetmelkkaas.
En kyk,
daar in die verte
rook die dakke van die plase al
en van die hoë berge af
val lang-lang skaduwees.*

Mnr. Blanckenberg het op Olifantskop, 'n plaas naby Langebaan, grootgeword. Ná sy universitaire opleiding was hy onderwyser, eers op Beaufort-Wes, toe op Cookhouse en later op Graaff-Reinet, waar hy eers hoof van die W.E. Pienaar-oefenskool was voordat hy later visehoof van die Opleidingskollege geword het. Die ses jaar voor sy aftrede was hy inspekteur van Kleurlingonderwys en nou se dae woon hy in 'n gerieflike woonstel op die oewer van die Lourensrivier op Somerset-Wes.

En rus hy nou? "O nee. Daar wag 'n groot taak op my. Ek moet nog St. Augustinus se Belydenisse uit Latyn in ons mooi taal herskep."

Is dit 'n kampioen-sukkelaar wat só praat? Of 'n kampioen-digter, klassikus en Latanikus?

KOOR NA TVL. EN O.V.S.

DIE Universiteitskoor Stellenbosch, onder leiding van dr. Johan de Villiers, sal later vanjaar op verskeie plekke in die Vrystaat en Transvaal optree. Die koor sal altezaam agt konserte aanbied.

Die eerste plek waar daar aangedoen word, is Welkom op 27 Junie. Die koor sing in die Ernest Oppenheimer-teater, en besprekings kan by die teater se besprekingskantoor gedoen word.

Op Maandag 29 Junie is die koor op Sasolburg waar hy in die Etienne Rousseau-teater sal sing. Soos in Welkom, kan kaartjies ook voor die tyd by die teater gekoop word.

Ná Welkom en Sasolburg kom Lichtenburg op 30 Junie aan die beurt. Op dié dorp sing die koor in die stadsaal en plekbesprekings kan gedoen word by die onderneming, E. M. Heynike. Op 2 Julie tree die koor in die Roodepoort-teater op en die volgende aand in die Grootsaal van die Universiteit van die Witwatersrand. Vir albei laasvermelde konserte kan kaartjies by Computicket verkry word.

Op Maandag 6 Julie word daar op Ermelo gesing in die plaaslike hoërskool se ouditorium. Besprekings kan by Uniewinkels gedoen word.


Twee konserte word in Pretoria aangebied — in die Musaion van die Universiteit van Pretoria op 8 en 9 Julie. Vir die Pretoriase konserte word besprekings hanteer deur Computicket.

Nadere besonderhede oor die koor se wintertoer kan verkry word van: **Mnr. Bart Cronjé (koorbestuurder)**, **Dept. Ontwikkeling**, **Universiteit van Stellenbosch** (tel. 70010).

M. Mus. oor Sangfees

STELLENBOSCH het met hierdie onderneming bepaald weer 'n nuwe mylpaal in ons kultuurgeskiedenis daargestel."

Só skryf *Die Burger* in September 1946 na aanleiding van die eerste Studentesangfees in die Eikestad op 13 September 1946. Die berig lui voorts: "Dit was heerlik om na jeugdige stemme te luister, alles was so vol lewenslus, so vol van die lente."



Mev. Trix Lötter

Die hoë verwagtinge vir dié eerste Sangfees word soos volg in *Die Matie* beskryf: "'n Gebeurtenis wat 'n hoogtepunt behoort te vorm in geskiedenis van Stellenbosch se kulturele bedrywighede, is die Sangfees

wat op Vrydagdag, 13 September, in die stadhuis gehou word. Die ongeveer driehonderd deelnemers verkeer reeds in puik afrigting en kritiese musiekenners wat die kooroefeninge bygewoon het, voorspel reeds sang, veral koorsang, van die hoogste gehalte."

Vandag is studentebdrywigheid aan die Universiteit sonder die jaarlikse Sangfees haas ondenkbaar. Dit het 'n instelling geword. Baie mense wat in latere jare 'n belangrike rol in Suid-Afrika se musieklewe gespeel of steeds speel, het vroeër deel gehad aan die Maties se Sangfees.

Die geskiedenis van die Sangfees word tans deur **Mev. Trix Lötter** nagevors met die oog op die verwerving van 'n meestersgraad in musiek, en alle Oud-Maties se samewerking word in dié verband gevra om navorsing te vergemaklik. Enigiemand wat moontlik koerantknipsels oor Sangfeeste het, óf enige programme en geskrifte sedert 1946, óf spesifieke inligting oor mense wat by Sangfeeste betrokke was en later op musiekgebied 'n bydrae gelewer het, word vriendelik versoek om dit beskikbaar te stel aan **Mev. Lötter**. Haar adres is: **Posbus 3028, Stellenbosch 7600**.

Dié inligting sal dan later in 'n Sangfeesargief bewaar word. Die argief sal waarskynlik in die biblioteek van die Konservatorium gehuisves word.

Blaasorkes aan't beweeg

Die Universiteit se blaasorkes het vanjaar 'n vol program.

Op 1 Mei word daar aan die Republiekfees op die Parade in Kaapstad deelgeneem en die volgende aand aan 'n konsert in Bellville se burgersentrum. Op 8 Mei tree die blaasorkes saam met die Konservatorium-Dameskoor in die Endlersaal van die Konservatorium op. Dr. Paul Loeb van Zuienburg,

dirigent van die U.S.-Blaasorkes, sê daar is 'n sterk moontlikheid dat die orkes gedurende Junie en Julie in Israel, Italië, Duitsland, Nederland en Engeland sal toer.

"Die hoogtepunt van die jaar is op 15 Augustus in die D.F. Malan-gedenksentrum op Coetzenburg wanneer ons aan die vierde jaarlikse orkesfees sal deelneem," sê dr. Van Zuienburg.



Regs: Onder die Oud-Maties by die saamtrek was hierdie vier manne wat in die beginjare van Simonsberg se bestaan in dié koshuis was: prof. Hubert van der Spuy, ds. J. A. Visagie, dr. Philip Fourie en mnr. Johan Fechter.



*Regs: Hulle het Lydia, Huis Div en PSO by die saamtrek verteenwoordig:
Achter: mevv. H. L. Serfontein, B. Dudley, M. Visagie en H. Potgieter (al vier Lydianers) en mevv. A. Niehaus (Huis Div) en H. Roos (Lindeshof). Voor: Mev. S. P. Malherbe en die rektorsvrou, mev. R. de Vries (albei Huis Divvers), mev. D. S. Marais (Lydia) en mev. J. M. Huskisson (Huis Div).*



Links: Hierdie Oud-Maties uit die vyf-tygjare wat die saamtrek bygewoon het, is, van links af: Mev. M. L. Geldenhuys van Ceres, prof. E. M. Nel van Stellenbosch, mev. M. Roos van Kuilsrivier, en mnr. Geldenhuys en ds. C. H. Steenkamp, albei van Ceres.

OUD-MATIES wat in die jare 1951-1960 op die Akker gestudeer het, het op 28 November verlede jaar weer vir 'n dag lank teruggekeer Stellenbosch toe. Die saamtrek is gereël deur die adjunk-direkteur van Ontwikkeling, mnr. Andries Esterhuyse.

Een van die hoogtepunte van die dagsaamtrek was 'n lesing deur prof. Dirk Kotzé, hoogleraar in geskiedenis en direkteur van die Universiteit se Instituut vir die Studie van die Marxisme. Hy het gepraat oor navorsing oor die kommunisme in Suid-Afrika.

Kort nadat die saamtrek vroeg dieoggend begin het en die Oud-Maties deur die vise-kanselier, dr. Kosie Gericke, by hulle ou Alma Mater terug verwelkom is, het die Rektor, prof. Mike de Vries, hulle kortlik toegespreek oor die huidige stand van sake by die Universiteit.

Die oud-studente — wat van heinde en ver gekom het om weer vir 'n dag lank in ou Matieland terug te wees — het dié dag veral gekyk na al die nuwe geboue wat die afgelope twee dekades op die kampus verrys het: die nuwe dameskoshuiskompleks in Van Riebeeckstraat (wat die koshuise Erica, Nemisia en Serruria, asook die Tinie Louw-sentrum insluit), die Danie Craven-stadion en nuwe sentrum vir liggaamlike opvoedkunde en sport op Coetzenburg, die nuwe Konservatorium, B. J. Vorster-gebou vir Lettere en Wysbegeerte (wat net voor die saamtrek betrek is) en die gebou vir Biologiese Wetenskappe (wat nog in aanbou is).

By die Konservatorium het mnr. Boudewijn Scholten, dosent in orrel, 'n kort demonstrasie-uitvoering op die Marcusen-orrel in die Endlersaal vir die Oud-Maties aangebied.

'n Kort rolprentvertoning oor die Universiteit is ook vir hulle aangebied, asook 'n noenmaal in die Langenhoven-studentesentrum.



Links bo: Dié dames by die saamtrek was almal in hulle studentedae inwoners van Huis ten Bosch, Harmonie en Sonop. Agter: mev. L. Stander en A. A. Bester (Harmonie) en mev. R. M. Coetzee (Sonop). Voor: mev. M. B. Moolman en M. Roos (Huis ten Bosch), prof. Ina Snyman (Harmonie) en mev. E. D. Prins (Sonop).

Links: Dié "Helderbergs" by die saamtrek was, agter: mnre. Basie Geldenhuys, Chris Bellinghan en C. J. Smit, dr. J. C. Visagie en mnr. L. H. Benning. Voor: Adv. Koot Strauss, mnre. Steve Barnard, Nick de Klerk en Tex de Swardt en ds. C. H. Steenkamp.

Regs: Onder die hooggeplaaste by die konvokasie was regter en mev. Braam Lategan (in die middel), wat hier gesels met mnr. Gys Steyn, besturende direkteur van Kaapse Wyn en Distilleerders, en mev. Steyn.

Heel regs: Mev. Maria Thom, die Administrateurspaar, mnr. en mev. Louw, prof. H. B. Thom, voorsitter van die Konvokasie, en die Rektorspaar, prof. en mev. De Vries.



U.S. en provinsie werk saam

**- Administrateur
praat voor
Konvokasie**



Links bo: Mnr. William Tyrrell-Glynn, adjunk-hoofbibliotekaris van die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad, by die Konvokasie saam met mnr. P. E. van Niekerk, voorsitter van die Oud-Matjie-skakelkomitee op Bonnievale, en mev. Van Niekerk.

Links: Onder die jonger garde by die Konvokasie was ms. Michelle Loria, mnre. J. C. Krynauw en Louis Terreblanche, kol. Henry Buitendach, ms. Annalise Conradie en mnr. Chris Bellinghan.



SAMEWERKING tussen die Universiteit van Stellenbosch en die Kaaplandse Proviniale Administrasie het baie daartoe bygedra "om 'n krisis van onderwystekorte in die provinsie af te weer," het mnr. Gene Louw, Administrateur van Kaapland, op die 1980-jaarvergadering van die Konvokasie van die Universiteit gesê.

Hy het hulde gebring aan die Universiteit vir sy samewerking met die onderwysdepartement deur ooreenkoms aan te gaan vir die opleiding van primêre onderwysers aan die onderwyskolleges in die Paarl en op Wellington, Oudtshoorn en Denneoord (Stellenbosch), asook die opleiding van sekondêre onderwysers in handwerk (in die Paarl) en landbou (op Oudtshoorn).

"Betreffende die indiensopleiding van onderwysers het die Universiteit oor die jare vir die onderwys 'n onskatbare diens gelewer deur reeds ten volle gekwalifiseerde, diensdoende leerkrakte in die skaars vakke, te wete Wiskunde, Biologie en Natuur- en Skeikunde, op te lei.' Sedert 1973 word dit gedoen by wyse van ses-

maandelikse, intensieve spoedkursusse en vanaf 1978 deur tweejarige vakansiekursusse en afstandsonderrig wat nou deur die Universiteit se Instituut vir Wiskunde- en Wetenskaponderrig aangebied word, en waarvoor die Proviniale Administrasie jaarliks R48 000 bydra, het mnr. Louw gesê.

Daarbenewens word ook verskeie seminare vir ervare en beginnerskoolhoofde van primêre en sekondêre skole, asook seminare in jeugweerbaarheid en geskiedenis, deur die J.F.A. Swartz-projek vir die ontwikkeling van onderwysleierskap aangebied — altesaam 20 verlede jaar. Vir die navorsingswerk wat die Universiteit se Instituut vir Taalonderrig vir die Kaaplandse Onderwysdepartement doen, dra die Administrasie ook R20 000 by.

"Deur 'n baie groot aantal onderwysers aan ons land te lewer, het die Universiteit sy stempel op 'n heel besondere wyse op die onderwys en die opvoeding afgedruk."

Die Administrateur het ook met

waardering verwys na die goeie samewerking tussen die provinsie se Departement van Hospitaaldienste en die Universiteit, veral ten opsigte van die bestaande opleidingsgeriewe aan die Tygerberg-Hospitaal. "Ons verskaf die fasiliteite vir die opleiding van u studente, en u verskaf die gekwalificeerde medici waaronder die provinsie sy hospitale nie kan bedryf nie."

Ook op die gebied van natuur- en omgewingsbewaring werk die provinsie en die Universiteit saam, het mnr. Louw gesê. Beampies van die provinsie help met lesings en praktiese klasse vir nagraadse studente in natuurbewaring en museumkunde, terwyl die U.S. se Departement Soölogie sekere navorsingsprojekte namens die provinsie onderneem.

Die Konvokasie — wat deur talle hooggeplaaste bygewoon is — was die hoogtepunt van 'n saamtrek vir Oud-Maties wat gedurende 1951-1960 op Stellenbosch gestudeer het (lees berig op bl. 10). Mnr. Louw is een van dié groep Oud-Maties.

GROUND FLOOR/GROND VERDIEPING
TRUST BANK CENTRE/SENTRUM
45 ANDRINGA STREET/STRAAT
TELEPHONE/TELEFOON 71136
TELEX/TELEKS 57-6980
P O BOX/POSBUS 3038
STELLENBOSCH 7600



INDO JET TRAVEL

GOEIE DIENS IS ONS SUKSES!

Indien u dit oorweeg om te reis, hetsy besigheid of plesier, binnelands of buitelands, groep toerreëlings, reisverzekering, motorhuur en advies met hotelbesprekings, kontak ons by enige van ons kantore landwyd.

Ons kan ons kliënte ook finansieel bystaan met ons eie T.I.P.-plan. Dié vlieg nou betaal later plan kan u en u familie help om die wêreld te sien teen vandag se prys, want môre as u die geld het, kos dit u soveel meer.

Vir nadere inligting, skakel enige van die volgende kantore:

KAAPPROVINSIE:

Bellville:	<i>Indo Jet Reis</i>	Tel: 97-0867
Kaapstad:	<i>Indo Jet Reis</i>	Tel: 21-6630
Paarl:	<i>Indo Jet Reis</i>	Tel: 2-1581
Stellenbosch:	<i>Indo Jet Reis</i>	Tel: 7-1136

NATAL:

Durban:	<i>Indo Jet Reis</i>	Tel: 31-1225
Pinetown:	<i>Indo Jet Reis</i>	Tel: 71-4561
Richardsbaai:	<i>Indo Jet Reis</i>	Tel: 3-2931

TRANSVAAL:

Johannesburg:	<i>Indo Jet Reis</i>	Tel: 21-2421
Pretoria:	<i>Indo Jet Reis</i>	Tel: 2-2513

Studente deur haar begeester

Mev. Marie Storm (geb. Grimbeek), Swanlaan 7, Bergvliet:

Met verwysing na die brief van Juin du Toit wat in Matieland van Desember 1980 verskyn het: graag wil ek beaam wat sy van Sister H. Skene vertel het.

Dit was met groot verontwaardiging wat ek mev. M. M. Bruwer se brief gelees het waarin sy Sister Skene te na gekom het. Ek was ook een van haar studente. Sy was 'n uitstaande persoonlikheid, geliefd en geëerd deur dosente en haar leerlinge. Haar kennis en agtergrond was puik en dit het sy met liefde tot ons voordeel gebruik.

Etlike van haar studente het voortreflike leiers en voorligters van die drama en spraakkuns geword.

Aan die skole waar ek talle opvoerings afgerig het, is die groot sukses wat behaal is, veels te danke aan alles wat ek van Sister Skene geleer het. Sy het ons begeester met die mooie en egte benadering.

Enjoys Matieland

T. C. Somers, 14 Bandon Tee,
Kingston Park, South Australia:

As a foreign graduate of the University of Stellenbosch (D.Sc. in Agriculture 1976) I am pleased to receive issues of Matieland and other University publications from time to time.

I was particularly interested in the booklet issued on the installation of the new U.S. Rector, Prof M. de Vries, since it was entirely intelligible to me — his address was excellent. I refer of course to the fact that my reading ability in Afrikaans is not good.

It is, however, improving slowly, and I do get some notion of what is going on from my attempts to read your Journal.

(The booklet on the installation of Prof De Vries is also available in English. We have forwarded you a copy — Ed.)

Dr. Anna nie enigste vrouehoof

Mev. E. M. Joubert (néé Odendal), S.A.B.S., Pretoria:

In 'n onlangse uitgawe van Matieland verskyn 'n berig oor die afsterwe van dr. Anna de Villiers waarin sy genoem word "die eerste en enigste vrou wat hoof was van die destydse Hugenote-Universiteitskollege op Wellington."

Dr. De Villiers mag die *laaste* hoof van die H.U.K. gewees het in sy destydse formaat maar sy was beslis nie die eerste of enigste nie, want toe ek daar studeer het in 1937-1939 was prof. (mej.) Kilroe die hoof, en sover ek weet was daar voor haar nooit enige manspersoon aan die hoof daar nie.

As u verder op die saak wil ingaan, sal mnr. Dirkie de Villiers, mev. Alba Bouwer of prof. E. H. Holzapfel miskien meer inligting vir u kan gee as ek — hulle is almal oud-Hukaners!

(Mnr. Dirkie de Villiers van Bloemfontein sê u het gelyk.
Jammer vir die blapsie — Red.)

U SKRYF AAN....

Die Redakteur
MATIELAND
Dept. Ontwikkeling
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH
7600

Dit was nie dáár nie...

Mev. M. M. Bruwer, Posbus 305,
Robertson:

Ek het gelees wat Juin du Toit van Worcester geskryf het in Matieland 3:80. Nou haas ek my om die saak te probeer regstel. En hiermee bied ek dan ook my verskoning aan almal wat gegriefd voel oor wat ek geskryf het. Maar meeste van almal aan Sister H. Skene waar sy haar nou ookal mag bevind. Dit spyt my werklik.

Dit het egter hoegenaamd nie gegaan om hierdie geagte en geliefde Katolieke dosente nie, maar wel om die vraag: "Waarom mag *dit* toe dan nie *dáár* gewees het nie?" En wie dieper kan sien, sou dit raak ge-“lees” het. Agge nee, dit was tog duidelik die eerste indrukke en re-

aksies van 'n baie verskrikte groentjie uit daardie jare so "af die plaas af" soos ek geskryf het, met daarby 'n groot dosis selfspot.

Voorts moes dit uit wat ek nog geskryf het ook duidelik gewees het dat hierdie Engelstalige Katolieke dosente en ek mekaar later wel gevind het en 'n wedersydse agting vir mekaar ontwikkel het. In die kort tydjie waarin ek by haar klas geloop het in die spraakkuns het sy my goed geleer en het ek my beste vir haar gegee. Sy is buitendien ook nie die enigste Katolieke persoon wat my in my lewe in hierdie land oneindig veel gehelp het nie. Onbekend maak onbemind, of hoe?

(Brief ietwat verkort — Red.)

Hoofredakteur van die W.A.T. span uit

Die hoofredakteur van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (W.A.T.) die afgelope 18 jaar, dr. F. J. Snijman, het op 31 Desember verlede jaar die tuig neergelê. Hy was altesaam 33 jaar in die redaksie van die W.A.T. waarvan ses jaar ook as assistent-hoofredakteur.

Frederick Johannes Snijman is op 13 Februarie 1915 op Rietbron in die Karoo gebore. In 1936 behaal hy die graad B.Sc. aan die Rhodes-Universiteitskollege en in 1937 die M.A. in Afrikaans-Nederlands (cum laude). Ná die verwerwing van 'n S.O.D. aan die U.S. in 1938, vertrek hy in 1939 na Nederland met 'n Koningin Victoria-

stipendium vir voortgesette studie. In Utrecht studeer hy aan die Rijks-Universiteit onder proff. C. G. N. de Voys (Nederlandse taal- en letterkunde), W. Vogelsang (kunsgeschiedenis) en M.J. Langeveld (pedagogiek).

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog bevind dr. Snijman homself steeds in Nederland. Hy word verhoed om pad te gee as gevolg van ontwrigte verkeersverbindingen en die gevolg is dat hy terstond vir drie weke deur die Duitsers as vreemdeling geïnterneer word. Net voordat universiteite in Nederland in 1942 gesluit is, het hy die doktorale eksamen afgelê. Daarna



Dr. Snijman (middel) op sy afskeids geselligheid afgeneem saam met twee manne met wie hy 'n lang pad saam geloop het, prof. H. B. Thom (links), oud-Rektor van Stellenbosch, en prof. Willem Kempen, oud-hoogleraar in Afrikaanse Taalkunde aan die U.S. Proff. Thom en Kempen is ook albei lede van die W.A.T. se beheerraad.

moes hy 'n geruime tyd onderduik om te voorkom dat hy as arbeider na Duitsland gestuur word.

Kort na afloop van die oorlog word die graad D.Litt. op die proefskerif *Literêre Style met die Oog op Stylondersoek* aan hom toegeken. Hy promoveer onder prof. De Vooys met die hoogste lof.

Sy verbintenis met die W.A.T. dateer vanaf Januarie 1948 toe hy as opsteller (tans mederedakteur) tot die redaksie toegetree het. In Mei 1956 volg hy mnr. M. F. Toerien as assistent-redakteur op. In dié hoedanigheid was hy die hoofredakteur, dr. P. C. Schoonees, se regterhand op die gebied van die definiering vanveral vakterme, asook met die formulering van 'n wye verskeidenheid redaksionele besluite.

Dr. Snijman het dr. Schoonees in Julie 1962 as hoofredakteur opgevolg. Besondere mylpale tydens sy ampstermyne is o.m.:

- goedkeuring van die Wet op die Woordeboek van die Afrikaanse Taal ingevolge waarvan die W.A.T. permanent op Stellenbosch gevestig is;

- verskyning van dele V en VI van die W.A.T.;
- vestiging van wedersydse kontak met buitelandse leksikografiese instansies;
- inrig van die W.A.T. se biblioteek volgens die Deweystelsel. (Kaartversameling neem toe van een miljoen in 1963 tot drie miljoen op die hede.);
- wyer bekendstelling van die W.A.T. deur middel van artikels, lesings, radiopraatjies en lesingtoere.

Dr. Snijman is getroud met mej. Toos van Maanen, destydse uitruilstudent van Amsterdam wat op Stellenbosch gestudeer het. Die egpaar het drie dogters.



Nog 'n foto wat op die afskeidsgeselligheid geneem is. V.l.n.r. is mev. Renée de Vries, Rektorsvrou van die U.S., mev. Maria Thom, eggenote van prof. H. B. Thom, dr. Frikkie Snijman, Mev. Toos Snijman en die Rektor, prof. Mike de Vries.

NOORD-KAAP HOOR VAN STELLENBOSCH 2000

Die Universiteit se adjunk-direkteur van Ontwikkeling, mnr. Andries Esterhuyse, het in Maart vanjaar 'n uitgebreide besoek aan Noord-Kaapland gebring om Oud-Maties in dié geweste in te lig oor die U.S. se uitgebreide fondsinsamelingsveldtog, STELLENBOSCH 2000, wat op 6 Augustus verlede jaar van stapel laat loop is. Sy besoek het ook verband gehou met testamentêre bemakings aan die Universiteit.

Op Kuruman het mnr. Esterhuyse samesprekings gevoer met die volle Oud-Matieskakelkomitee — hulle eggenotes was ook by — en die STELLENBOSCH 2000-veldtog aan hulle bekend gestel.

Die volgende dag het 'n groep Oud-Maties wat vóór 1940 aan die Universiteit gestudeer het in Kimberley byeengeskot waar die adjunk-direkteur hulle nader toegelig het oor testamentêre bemakings aan hul Alma Mater. Opvolgwerk in dié verband word gedoen deur mnr. Sunley Uys, senior ontwikkelingsbeampte van die U.S., wat met testamentêre bemakings belas is.

Op 12 Maart het mnr. Esterhuyse die aanvoerwerk vir STELLENBOSCH 2000 breedvoerig bespreek met die alumnikomitee op Warrenton. Die insameling in daardie kontrei staan onder leiding van mnr. J. C. Lamprecht.

'n Oud-Matieskakelkomitee wat met etlike lede vergroot is, het op 13 Maart in die Hotel Border op Prieska vergader om nader kennis te maak met die doelstellinge van STELLENBOSCH 2000.

"Oud-Maties van Prieska en omgewing voel die behoefte sterk aan om later vanjaar, in samewerking met my departement, 'n groot saamtrek van oud-studente te reël," het mnr. Esterhuyse aan *Matieland* gesê. Hy sê die voorsitter van Prieska se alumnikomitee, mnr. Kobus Muller, is baie gretig om vanjaar nog so 'n byeenkoms te reël. "En sy geesdrif word deur iedere komiteelid gedeel," vertel mnr. Esterhuyse.

Mnr. Esterhuyse het teenoor *Matieland* spesiale melding gemaak van die borrelende geesdrif en lojale steun wat hy in Noord-Kaapland onder Oud-Maties, ouers van studente, en vriende van die Universiteit teëgekom het. "Dit was absoluut treffend en weer eens 'n sprekende bewys dat as Stellenbosch sy mense met 'n groot versoek nader, hulle nooit afsydig staan nie. Die oogmerke van STELLENBOSCH 2000 spreek tot almal wat dit wel meen met die U.S. en Suid-Afrika." het hy gesê.

Die adjunk-direkteur se besoek is afgesluit met 'n geslaagde byeenkoms van prokureurs en bankbestuurders in Kimberley.

- Mnr. Haas Kruger, senior ontwikkelingsbeampte aan die U.S., het mnr. Esterhuyse op sy besoek aan Noord-Kaapland vergesel. Mnr. Kruger is verantwoordelik vir die bearbeiding van hierdie gebied.

Kuruman

Kuruman se Oud-Matieskakelkomiteelede was almal teenwoordig om te luister na die U.S. se adjunk-direkteur van Ontwikkeling, mnr. Andries Esterhuyse. V.l.n.r. is mnr. Hennie Scholtz (1964-1968), Haas Kruger van die Departement Ontwikkeling, Wouter Jordaan, voorstander van die skakelkomitee — hy was van 1953 tot 1958 'n Matie, G. E. Smit (1974-1978), Andries Esterhuyse, adjunk-direkteur van Ontwikkeling, J. J. A. Nagel (1969-1972), Arend de Waal (1951-1955), A. Esterhuyse (nie 'n Oud-Matie nie), P. M. Liebenberg (1948-1951 en weer van 1957 tot 1959), Eric Loots (ook nie 'n oud-student nie), Gawie Verreyne (1949-1952) en H. J. Venter (1962-1963).





En hier is die vrouens van Kuruman se skakelkomiteelede wat saam met hulle "swakker helftes" kom luister het na mnr. Esterhuyse. V.l.n.r. is mevv. Scholtz, Verreyne, Venter, Smit, Nagel, Esterhuyse, Liebenberg, De Waal, Jordaan en Loots.

Kimberley



Hier sit die groep out-studente van vóór 1940 saam met mnr. Andries Esterhuyse (tweede van regs) en mnre. Haas Kruger en Sunley Uys (staande). V.l.n.r. is dr. M. H. van der Colff (eerstejaar in 1921), mev. Clasie Theron, voorstitser van Kimberley se Oud-Matieskakelkomitee (sy was ná 1940 'n Matienooi), haar man, mnr. Tertius Theron, wat in 1940 'n groentjie was, mnr. A. J. Steyn (was eerstejaar in 1946) en heelregs is mnr. P. H. du Preez, wat in 1937 die eerste keer op Maties ingeskryf het.

Prieska



In die Hotel Border het die Oud-Maties op 13 Maart vanjaar lekker gekuier. Hier is (v.l.n.r.) Kobus en Bets Muller, Andries Esterhuyse, Pierre en Kietie Smit van Niekerkshoop, en Gielie van Niekerk almal saam aan die hooftafel.




Hennie Coetze het darem so tussen die smul deur tyd gehad om 'n oog in die rigting van die kamera te goo maar sy vrou, Liza, en Orffer en Frena Muller is té heerlik aan die knaag ... Hennie en Liza woon op Niekerkshoop.



Die aand is nog jonk — te oordeel aan die lengte van die kerse — en die groot gesels is in volle gang. V.l.n.r. Louis en Trisia van Wyk, Deon en Marlena Latsky en Elbie en Pieter Aspeling.



Nog drie egsare wat die aand op Prieska baie geniet het, was v.l.n.r. Piet en Lydia Engelbrecht, Coralie en Chrisman Louw en Suzanne en Fanie Lombard.




Dit lyk of die disse wat hier ingeskep word inderdaad dié paartjie se goedkeuring wegdra. Piet en Marianne Gildenhuys het Prieska se geselligheid baie aangenaam gevind. Piet, tandarts op Prieska, het ook die foto's geneem.



Johannes Fourie (links), sy vrou, Marietjie, en Dawid Jordaan het van Groblershoop gekom om die verrigtinge in die Hotel Border op Prieska by te woon.




Prof. Schneider



Prof. Van der Colf



Prof. Meij



Dr. Viljoen

VEERSKEIE aanstellings en bevorderings — onder meer dié van drie professore — is sedert die begin van die jaar aan die Universiteit van Stellenbosch goedgekeur.

Prof. D. F. Schneider is bevorder van medeprofessor tot professor in chemie, dr. J. C. G. K. van der Colf is aangestel as professor in chemiese en metallurgiese ingenieurswese en dr. J. T. Meij is bevorder van senior lektor tot professor in meganiese ingenieurswese.

Prof. Schneider (45) het die grade B.Sc. (in 1955), M.Sc. cum laude, (in 1958) en D.Sc. (1962) aan die U.S. verwerf. Hy word lektor in chemie aan die U.S. in 1959 en medeprofessor in organiese chemie in 1974.

Gedurende 1957—1959 het prof. Schneider verskeie beurse vir nagraadse studie van die W.N.N.R. verwerf. Gedurende 1965 en 1966 studeer hy met 'n W.N.N.R.-beurs vir na-doktorale studie in Brittanje. Prof. Schneider verwerf ook 'n navorsingsgenoootskap van die Ohio State University om in 1973 en 1974 in die V.S.A. te studeer.

Hy het verskeie referate in die buitenland gelewer, 28 wetenskaplike publikasies het uit sy pen verskyn en hy is medeskrywer van 'n handboek oor chemie. Prof. Schneider is 'n volle lid van die S.A. Chemiese Instituut en voorsitter van die W.P.-afdeling van dié Instituut asook lid van die Britse Chemiese Vereniging.

Dr. Van der Colf (35) was sedert 1976 afdelingsmetallurg van Anglo American se Navorsingslaboratorium in Johannesburg. Hy het sy loopbaan begin as hoërskoolonderwyser, waarna hy by die Tsumeb-Korporasie gewerk het. Gedurende 1971 — 1975 was hy dosent in toegepaste termodinamika, hitte-oordrag en oondertegnologie aan Wits.

Dr. Van der Colf het die graad B.Sc. (in 1963) asook H.O.D. (in 1964) aan die Universiteit van Kaapstad verwerf, en die grade B.Sc. Ing. (in 1970) en Ph.D. (in 1975) aan Wits.

Prof. Meij (34) het al sy kwalifikasies, t.w. B.Sc., B.Ing.Meg. (in 1967), Hons.B. (B & A) (cum laude) (1971), asook sy meestersgraad in Bestuur en Administrasie, ook cum laude, (in 1974) en Ph.D. (Ing.) (in 1977), op Stellenbosch verwerf.

Hy was tegniese assistent van die Afrika Metal Korporasie gedurende 1967 en 1968, fabrieksingenieur van Rembrandt (1968—1970), konsultant vir verskeie ondernemings gedurende 1971, en vanaf dieselfde jaar senior lektor in bedryfsingenieurswese op Stellenbosch. Sedert 1975 is hy ook deeltyds dosent by die U.S. se Bestuurskool.


Aanstellings en bevorderings

In sy studentejare het hy die S.A. Instituut vir Bedryfsingenieurs se toekenning gekry vir die beste finalejaarstudent in die bedryfsingenieurswese op Stellenbosch, asook Ou Mutual se goue medalje vir die beste B.(B & A)-honneursstudent en M.(B & A)-student.

Die volgende senior lektore is ook aangestel: Dr. J. M. G. Prins (Diakonologie), en mnre. W. van Wijk (Meganiese Ingenieurswese/Bedryfsingenieurswese), D. M. Groenewald (Ontwikkelingsadministrasie), W. R. Gevers (Besigheidsbestuur en -administrasie), J. J. de Wet (Rekeningkunde), W. J. Conradie (Statistiek), J. Rossouw (Siviele Ingenieurswese), A. S. Myburgh en J. Laubscher (Landbou-ekonomiese) en J. H. Loubser (Rekeningkunde) en mej. H. du Plessis (Skoolmusiek).

Nuwe lektore is: Mnre. F. Theron (Ontwikkelings-administrasie) en J. Cook (Semitiese Tale), adv. P. B. Waterson (Handelsreg), mnr. D. M. Uys (Vervoer-ekonomiese), mev. A. C. Ekron (Biblioteekkunde) en mnre. C. J. Ackermann (Opvoedkundige Sielkunde), A. I. Olivier (Didaktiek, Wiskunde) en mevv. J. C. Wolhuter (Drama) en M. S. Wasserfall (Fisioterapie). Dr. H. S. Reynecue is aangestel as lektor/kliniese assistent in Herstellende Tandheelkunde.

Dr. J. H. Viljoen (37) is aangestel as adjunk-universiteitsbibliotekaris aan die Universiteit. Hy het die grade B.A., Honneurs in Biblioteekkunde en M.B.A. aan die Potchefstroomse Universiteit verwerf, waar hy gedurende 1965—1973 aan die universiteitsbibliotek verbond was. Vanaf 1974 was hy senior lektor in biblioteekkunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Hy het die graad D.Bibl. in 1979 aan die U.O.V.S. verwerf.




'n Swart student van die U.S. het vir die eerste keer 'n beurs ontvang om in die buitenland te studeer. Hy is mnr. David Gxilishe, 'n navorser aan die Universiteit se Instituut vir Taalonderrig. Mnr. Gxilishe wat in Maart vanjaar die graad M.A. aan die U.S. verwerf het, het 'n Harry Crossley-beurs ontvang om aan die Universiteit van Essex in Colchester, Engeland, 'n kursus oor die onderrig van Engels vir besondere doeleinades te volg. Die ervaring wat hy sal opdoen, sal hom help om spesiale kursusse vir die Instituut vir Taalonderrig op te stel.

NUUSBROKKIES



Bo: Die eerste wenner van 'n huishoudkundebeurs, geskenk deur die firma Régéthermic S.A., is mej. Sandy Mills, 'n eerstejaar-huishoudkundestudent aan die U.S., wat die beursgeld hier van mnr. P. J. Lombard, direkteur van Ontwikkeling van die universiteit, ontvang. Die beurs bedra R1 600 per jaar vir vier jaar. Aangesien daar min beurse vir huishoudkundestudente beskikbaar is, is hierdie skenking deur die onderneming van besondere belang vir die Departement Huishoudkunde aan die U.S.




Links: Prof. Giel Stander, hoof van die Departement Opvoedkundige Sielkunde en van die Kinderleidingkliniek aan die U.S. se Fakulteit Opvoedkunde, is verkies tot lid van die Akademieraad van die International Academy for Research in Learning Disabilities. Lidmaatskap van die akademie word beperk tot hoogstens honderd genooide navorsers van internasionale formaat uit verskillende lande.




Links: Genl.-maj. Edwin Pienaar, inspekteur-generaal van die S.A. Lugmag, wat vroeër vanjaar deur Frankryk vereer is toe die medalje Kommandeur van die Nasionale Orde vir Verdienste aan hom toegeken is. Genl. Pienaar was in die jare vyftig 'n Matie. Hy was ook vegvlieënier in die Koreaanse oorlog en Amerika het die Distinguished Flying Cross en die Air Medal aan hom toegeken.

Regs: Prof. Japie Durand, wat in 1974 sy doktoraat in die teologie op Maties verwerf het, is aangestel as die Universiteit van Wes-Kaapland se eerste vise-rektor. Hy was voorheen dekaan van die Fakulteit Teologie aan dié Universiteit. Benewens Stellenbosch het prof. Durand ook aan die Vrystaatse Universiteit en die Vrije Universiteit van Amsterdam gestudeer.




Regs: Mnr. H. P. Dekker, oud-adjunk-registrateur van die U.S., het ná 'n skof van 55 jaar besluit om die tuig neer te lê. Sy eerste werkdag was op 3 Januarie 1926 op Stellenbosch en op 31 Desember verlede jaar — twee dae ná sy 84e verjaardag — het hy besluit om uit te tree. Hy was toe in diens van die R.G.N. in Pretoria. In die vorige Matieland is daar berig oor mnr. Dekker se verstormende geheue.



MILITÈRE

30



AKADEMIE JAAR



Die Militêre Akademie op Saldanha het sy 30e bestaansjaar verlede jaar op 9 en 10 Desember op luisterryke wyse gevier. Die program wat vir dié twee dae gereel is, het verskeie hoogtepunte ingesluit.

Die reg van vrye toegang tot Vredenburg-Saldanha is die oggend van 9 Desember aan die Militêre Akademie toegeken. Dit was 'n indrukwekkende plegtigheid waartydens 'n perkamentrol o.m. deur die stadsraad van Vredenburg-Saldanha aan die bevelvoerder van die Akademie, brig. Shylock Mulder, SM, oorhandig is.

Die middag is geskiedenis gemaak toe die graad B.Mil. die eerste keer in die Fakulteit Krygskunde aan drie jong vroue verleen is. Daar was luide handegeklap in die D.F. Malan-gedenksentrum op Coetzenburg toe luitenant Cornelia Human, Annette Leijenaar en Sandra Viljoen hul graadsertifikate van die U.S. se Kanselier, dr. B. J. Vorster, ontvang het. En boonop was lt. Human een van net twee B.Mil.-studente wat met die hoogste lof geslaag het!

Die aand is 'n reünie-dinee vir oud-studente en gewese personeellede van die Akademie aangebied. Dit is o.m. bygewoon deur die Hoof van die Weermag, genl. Constand Viljoen, SSA, SM, en die Hoof van die Leer, lt.-genl. Jannie Geldenhuys, SM.

Die militêre Akademie se 30e bestaansjaarvierung het op 10 Desember 'n hoogtepunt bereik met die onthulling van 'n soldatemonument ter nagedagtenis van die eenheid se gesneuweldes, en die voorstellingsparade van finalejaarstudente.


Oor die akademie se soldatemonument het die bevelvoerder, brig. Mulder, o.m. gesê: "Met hierdie monument wil ons graag ons makkers wat ons vooruitgegaan het in diens van Suid-Afrika, in herinnering roep — maar ook hulle wat nog in die toekoms ter wille van ons volk en vaderland die hoogste offer sal bring. Hierdie monument dien vandag as besieling vir ons toekoms en ons vryheid." (Die name van studente/personeel van die Militêre Akademie wat in diens van Suid-Afrika gesterf het, verskyn op bl. 26.)

Die soldatemonument is onthul deur die Hoof van die Weermag, genl. Viljoen. Op die foto salueer genl. Viljoen en brig. Mulder (met donkerbril) die standbeeld tydens die Generale Saluut en "Laaste Taptoe." Genl. Viljoen het later replikas van die soldatemonument aan familielede van die gesneuweldes oorhandig.

Die Hoof van die Weermag het met die voorstellingsparade ook die saluut beantwoord. In sy toespraak het hy o.m. gesê die aanslag teen die Republiek is hoofsaaklik ideologies en die vyand spits hom daarop toe om die weerstand van die land se mense — blank, swart, bruin en geel — te probeer aftakel. Dit is veral die dienspligtige wat die teiken van die vyand se ondermyning is.

Die Militêre Akademie is op 1 April 1950 gestig — as vertakking van die destydse S.A. Militêre Kollege op Voortrekkerhoogte. Later is dit van die S.A.M.K. geskei en na Stellenbosch verskuif. In 1961 het die Fakulteit Krygskunde aan die U.S. tot stand gekom en sedertdien is die volledige kursus vir die graad B.Mil. op Saldanha aangebied. Die graad word steeds deur die U.S. toegeken.

● Onderwyl die parade besig was om te onttrek, het die Lugmag se kunsvliegspan, die Silwer Valke, 'n indrukwekkende vertoning gelewer. (Kyk voorbladfoto en foto van rookformasie op volgende bladsye.) Die foto links en dié op die volgende twee bladsye is deur Colin Edwards geneem.



Brig. J. D. Potgieter, SM, SA St Korps
(Leer) (4.1.1976)

Lt. T. J. van der Westhuizen, SAA (Vd)
(29.2.1976)

Kapt. G. J. J. Basson, SAIK (3.5.1979)

Kapt. J. C. van Wyk, HC, SAIK (23.5.1979)

Lt. J. J. du Toit, SAIK (3.12.1979)

Lt. C. de J. Muller, SAIK (21.5.1980)

Lt. J. J. du Toit, HC, SAIK (10.6.1980)

† ONS EER HUL NAGEDAGTENIS

Regs: Die eerste vroue wat die graad B.Mil. aan die Militêre Akademie verwerf het, is v.l.n.r. Lt. Annette Leijenaar, Lt. Sandra Viljoen en Lt. Cornelia Human. Hulle het ook op 10 Desember verlede jaar tydens die Akademie se 30e bestaansjaarviering aan die voorstellingsparade deelgeneem.

(Foto: Paratus)



Onder: Genl. Constand Viljoen en brig. Shylock Mulder (links) besigtig 'n replika van die soldatemonument wat onthul is ter nagedagtenis van die Militêre Akademie se gesneuweldes. Soortgelyke standbeeld is aan familielede van gesneuweldes wat aan die Militêre Akademie verbonde was, oorhandig. Daarna verskeie kranse ook aan die voet van die soldatemonument gelê.



Onder: Kapt. C. C. Scheepers van die S.A. Pantserkorps, het op die voorstellingsparade die eresabel vir die beste student aan die Militêre Akademie in 1980 ontvang. Hy was ook die beste Leerstudent en het daarvoor die Generaal Beyers-trofee verower. Hier ontvang hy die eresabel van genl. Viljoen. Kapt. Scheepers het die graad B.Mil. cum laude verwerf.




In Memoriam

'n Oud-hoogleraar wat diep spore op Stellenbosch getrap het en wat onder studente en dosente baie geliefd was, prof. J. P. J. van Rensburg, is teen die einde van verlede jaar oorlede. Hy het in Desember 1976 die tuig neergelê ná 'n skof van 31 jaar as hoogleraar in Grieks.

Prof. Van Rensburg het sy skoolopleiding op Stander-ton gehad waar hy in 1929 die senior sertifikaateksamen afgelê het. In 1932 het hy op Stellenbosch die graad B.A. met Latyn en Grieks as hoofvakke behaal; die S.O.D. in 1934 en M.A. in Klassieke Tale in 1933 — al drie met lof.

In 1938 het hy in Londen die graad M.A. in Klassieke Tale ook cum laude behaal en die D.Litt. op Stellenbosch in 1943. Omdat hy as student so uitgemunt het, is 'n Abe Bailey-beurs aan hom toegeken. Met dié beurs kon hy van 1936 tot 1938 in Londen studeer.

Dit is veral as vertaler van klassieke werke in Afrikaans dat prof. Van Rensburg besondere bydraes op kulturele



Prof. Van Rensburg

gebied gelewer het. Die prys van die S.A. Akademie vir vertaalde werk is in 1948 vir *Die Vroue van Troje*, in 1963 vir *Antigone* en in 1965 vir die *Ilias* en *Odusseia* van Homerus aan hom toegeken.

Sy vernaamste navorsingswerk was sy Londense M.A.-verhandeling en sy D.Litt.-tesis op Stellenbosch, nl. *The relative strength of the most important Oriental religions and their influence on Roman life up to the end of the third century A.D.* Daarná het hy al sy vrye tyd bestee aan vertaling van Griekse werke.

Buitelandse besoeke het hom verryk deur studie in Londen (1936 – 1938) en in 1964 het hy sy langverlof in Engeland en die V.S.A. deurgebring.

Hy was lid van die Klassieke Vereniging van S.A. en volle lid van die S.A. Akademie.

Sy vrou het hom in 1973 ontval.

Een van die bekendste Afrikaanse spraakdosente in die land, mev. C. P. Hattingh, 55, van die Universiteit se Departement Drama, is in Desember ná 'n lang siekbed in die Karl Bremer-Hospitaal in Bellville oorlede.

Mev. Hattingh, of mej. Rina Botha soos sy allerwee bekend was, was 'n kleurryke figuur aan die U.S. en was senior spraakdosente in die Departement Drama. Sy was vroeër 12 jaar lank aan die rondreisende Johan Fourie-toneelgeselskap verbond. Mej. Botha was ook met Johan Fourie getroud.

Mej. Botha, wat ook 'n paar ligte romans en tydskrif-verhale geskryf het, het in 1944 haar onderwysloopbaan op Sutherland laat vaar om heetlyds toneel te speel. In 1964 het sy honneursgraad in Afrikaanse letterkunde met onderskeidings aan die U.S. behaal. Sy het in dieselfde jaar dosente geword.

Mej. Botha het op George opgegroei. Haar tweede man, mnr. Carel "Yster" Hattingh, is in 1977 oorlede. Mnr. Hannes Pretorius, voorsitter van die W.P.-Rugby-unie, senior lid van die S.A. Rugbyraad en bekende rugbyadministrateur, is onverwags in Januarie oorlede. Mnr. Pretorius, wat die graad B.Comm. op Maties behaal het, is kort voor sy 59e verjaardag dood.

Johannes Petrus Pretorius is op 25 Januarie 1922 op Vredenburg gebore, waar hy skoolgegaan het. Benewens rugby het hy ook uitgeblink in atletiek en tennis.

In 1947, op 25 jaar, het mnr. Pretorius voorsitter van die rugbyklub Maitland geword. In 1958 word hy lid van die bestuur van die W.P.-Rugbyunie en in 1968 voorsitter. In dieselfde jaar is hy verkies tot lid van die S.A. Rugbyraad en was tot met sy dood voorsitter van die geldsakekomitee van dié raad.

Mnr. Pretorius laat sy vrou, Geraldine, 'n bekende radiopersoonlikheid, en vier seuns agter. Twee van sy seuns het reeds provinsiale rugby gespeel — Hannes vir W.P. en O.P. en Stephan vir Verre Noord-Transvaal.

Dr. Pieter du Toit, 'n stigter van die Departement van Volkswelyn en eerste kommissaris van Volkswelyn, is op 21 Desember verlede jaar in Milnerton, Kaapstad, oorlede. Hy was 88. Dr. Du Toit wat op Philipstown gebore is, was van 1913 tot 1917 vir sy teologiese opleiding op Stellenbosch. Hy het vroeër die graad B.A. aan die Grey-Universiteitskollege in Bloemfontein behaal.

Dr. Du Toit het onnoembaar veel bygedra tot die opheffing van die Afrikaner op kulturele, maatskaplike en geestelike gebied. Hy het sy volk gedien in 'n tydperk van groot nood en van verlore vryheid.

Dr. Du Toit laat sy eggenote, Hanna (bekend as stigter van die Vrouediens in Kaapland en as presidente daarvan vir baie jare), en vyf seuns agter.

Die bekende Afrikaanse komponis, kultuurman, opvoed-kundige en oud-LV vir Heidelberg, Transvaal, mnr. Stephan Eyssen, is op 11 April in Pretoria oorlede. Hy sou op 23 Mei 91 jaar oud gewees het.

Ná sy studie aan die U.S. het hy in Grahamstad skool gehou en later op Heidelberg, waar hy hoof van die Hoër Volkskool geword het. Hy was van 1948 tot 1958 LV vir die kiesafdeling Heidelberg.

Mnr. Eyssen was een van die beste baritons wat Suid-Afrika nog gehad het.

'n Gewese mederedakteur van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (W.A.T.) wat die graad B.A. in 1921 aan die U.S. verwerf het, mnr. Lukas Jacobus Schoonees, is onlangs in Kimberley oorlede. Hy was 81.

Wyle mnr. Schoonees is op 2 Oktober 1899 op Steytler-ville gebore en het sy skoolopleiding aan die Hoër Jongenskool Paarl geniet. Ná hy op Maties was, het hy onderwyser geword. Later was hy 18 jaar redaksielid van die W.A.T. en het mederedakteur geword.

Mnr. Schoonees was ook bekend as skrywer. Hy laat 'n seun en 'n stiefseun agter.

'n Oud-Matie wat internasionale bekendheid verwerf het vir sy navorsing, prof. J. D. J. Hofmeyr, is verlede jaar naby Pietersburg oorlede. Hy het in 1927 die graad M.Sc. in landbou aan die U.S. verwerf.

Ná voltooiing van sy studies op Stellenbosch is hy na die Universiteit van Cornell in die V.S.A. waar hy die graad Ph.D. in genetika behaal het.

Met sy terugkeer na Suid-Afrika in 1931 het hy navorsing geword aan die Navorsingsinstituut vir Sitrus en Subtropiese Vrugte op Nelspruit. Dit was daar waar sy navorsing oor die genetika van die *Carica papaya* aan hom internasionale roem besorg het.

Hy was outeur van meer as 100 wetenskaplike publikasies, volle lid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns en is in 1965 bekroon met die Havengaprys vir Biologie deur die S.A. Akademie.

Hy was getroud met Minnie le Roux, 'n Oud-Matienooi.

'n Oud-Matie wat wêreldbekendheid verwerf het as kennis van voedsel, is vroeër vanjaar in die ouderdom van 76 jaar in Natal oorlede. Hy was dr. Johan M. Latsky wat die graad B.Sc. in landbou op Stellenbosch behaal het.

Dr. Latsky het jare lank gedien as voedingsraadgewer van die Internasionale Kinderfonds van die V.V.O. Sy werk het hom na feitlik elke land, selfs tot agter die Ystergordyn, gevoer.

Hy laat sy vrou en twee kinders agter.

Mnr. S. J. H. (Hoffie) van der Spuy, LV vir Somerset-Oos, is vroeër vanjaar in Kaapstad op sy 64e verjaardag oorlede. Hy het in die jare vyftig op Stellenbosch in die teologie gestudeer.

Mnr. Van der Spuy het in 1970 lid van die Volksraad geword. Voorheen was hy N.G. predikant in verskeie gemeentes in Oos-Kaapland.

Mnr. Van der Spuy word oorleef deur sy vrou, 'n seun en drie dogters.

Mej. Martha (Mattié) Meiring Conradie, onder duisende Oud-Maties dwarsoor die land bekend as Suster Sonskyn, is in Maart vanjaar in die Strand oorlede. Sy was 79.

Mej. Conradie het as verpleegsuster aan die Universiteit die bynaam Suster Sonskyn gekry. Sy was van 1935 tot 1967 aan die U.S. verbond.

Mej. Conradie het ná haar aftrede in Röeveldhuis in die Strand gewoon en die afgelope jare in Huis Esperanza.

Mnr. Jacques de Villiers, oud-Wilgenhoffer en jongste seun van adv. D. P. de Villiers, besturende direkteur van die Nasionale Pers, is op 20 Desember verlede jaar in Kaapstad oorlede. Hy was 29.

Wyle mnr. De Villiers het in die regte aan die U.S. gestudeer en was ten tyde van sy dood 'n wynboer in die distrik Villiersdorp. Toe hy in Wilgenhof was, was hy leier van die koshuis se bekende koor, die Kraaie, soos sy vader en sy ouer broer, David, voor hom.

Hy laat sy vrou en 'n tweearige seun agter.

'n Bekende in Kaaplandse onderwyskringe, mnr. Frederik Calitz, is op 3 Desember verlede jaar in die Tygerbergse-hospitaal oorlede. Hy was 75.

Mnr. Calitz het in 1929 die graad B.Sc. in landbou aan die U.S. behaal en toe vir 18 maande gaan skoolhou om genoeg geld bymekaar te maak vir studie vir sy S.O.D. Dié het hy dan ook in 1932 op Stellenbosch verwerf.

Daarná het hy vir 'n tydperk van 48½ jaar ononderbroke in die onderwys gedien en was altesaam 25 jaar skoolhoof.

Hy laat sy vrou Lizzie (sy het haar as onderwyses aan die U.S. bekwaam), drie kinders (almal Oud-Maties) en sewe kleinkinders agter.

Matieland het ook met leedwese verneem van die afsterwe van die volgende oud-studente en huidige studente:

● **Mnr. Sampie Froneman —** hy het in die regte aan die U.S. gestudeer en is op 10 Januarie vanjaar in die ouderdom van 71 jaar in die H. F. Verwoerd-Hospitaal in Pretoria oorlede. Mnr. Froneman het 'n lang loopbaan in die politiek gehad. Hy was prokureur op Frankfort in die Vrystaat toe hy tot LV vir die kiesafdeling Heilbron verkies is. Hy was ook adjunkminister voordat hy Administrateur van die Vrystaat geword het.

● **Dr. Pieter Retief —** hy het verlede jaar die graad M.B. Ch.B. aan die U.S. verwerf en was sedert 1 Januarie vanjaar in diens van die Provinciale Hospitaal in Kimberley. Dr. Retief was 27.

● Dr. John F. O'Grady — as student aan die U.S. het hy in die SR gedien saam met wyle dr. H. F. Verwoerd. Hy was in 1920 eerstejaar en was o.m. 26 jaar hoof van die Hoërskool Diamantveld in Kimberley. Dr. O'Grady was 82.

● **Dr. N. J. du Preez —** voormalige hoof van sielkundige dienste in Kaapland en Transvaal. Hy was in die jare twintig op Maties en het sy doktorale proefskrif aan die Universiteit van Leipzig voltooi. Ná sy aftrede in 1963 was hy ook 'n ruk lank tydelik in diens van die U.S. se Departement Sielkunde. Dr. Du Preez was 80.

● Prof. W. N. Coetsee — afgetreden hoogleraar aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. wat benewens die P.U. ook aan die Universiteit van Leiden, die Vrije Universiteit van Amsterdam en aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer het. Van 1947 tot 1978 wat hy o.m. dosent in Latyn, dekaan en lid van die Raad van die P.U. Hy is in November verlede jaar 'n dag voor sy 70e verjaardag oorlede.

● **Ds. Malan Jacobs —** hy was predikant op Laingsburg waar hy vroeër vanjaar in die vloedramp omgekom het. Ds. Jacobs het op heldhaftige wyse gespoek om bejaardes in die ouetehuis op die dorp van die vloedwaters te red. Hy het sy lewe vir sy medemens gegee. Daniël Malan Jacobs het op Stellenbosch in die teologie gestudeer en is in 1954 tot die bediening toegelaat. Daarna was hy sendeling van Vredenburg, Wagenvmakersvallei, Ceres en Bellville. Sedert 1968 het hy die gemeentes Augrabies en Strand-Noord bedien.

● Ds. N. F. Wilson — hy was predikant op Westville waar hy op 14 Desember verlede jaar onverwags oorlede is. Ds. Nathan Frans Wilson se eerste gemeente was op Hofmeyr. Hy het in Desember 1958 sy studies aan die Kweekskool op Stellenbosch voltooi. Hy was ook baie jare predikant in Oos-Londen voordat hy in 1973 'n beroep na Pinetown aanvaar het. In 1975 het die gemeente Westville van Pinetown afgestig. Ds. Wilson laat sy vrou en drie dogters agter.

● **Mnr. Werner Roettgers —** 'n Oud-Matie en gesiene boer van Letaba, het in April omgekom toe hy deur 'n ryloper met 'n vuurwapen in die agterkop en die maag geskiet is skaars twee dae nadat sy seun Paul, 19, in 'n bergklim-ongeluk op Hermanus dood is. Paul was 'n eerstejaar B.Comm.-student aan die U.S. Mnr. Roettgers was na Hermanus onderweg om die begrafnisreëlings vir sy seun te tref. Hy was 45. Hy laat sy vrou en twee dogters agter.

● **Mnr. S. J. L. du Toit —** hy was hoof van die Bosboukollege Saasveld naby George. Hy het die graad B.Sc. in bosbou aan die U.S. verwerf. Hy laat sy vrou en twee dogters agter. Mnr. Du Toit was 59.

Onder: Die Trust Bank het onlangs R1 500 aan die STELLENBOSCH 2000-fonds geskenk. Die bank se takbestuurder op Stellenbosch, mnr. Henry Gonin, het die tiek aan die U.S. se direkteur van Ontwikkeling, mnr. Piet Lombard (regs), oorhandig. Links staan mnr. Chris van der Merwe, senior ontwikkelingsbeampte aan die Universiteit.



Bo: Saambou Nasionale Bouvereniging het sy bydrae vir STELLENBOSCH 2000 aan die vise-rektor van die U.S., prof. J. W. R. de Villiers, oorhandig. Prof. De Villiers is hier saam met die Stellenbosse takbestuurder van Saambou, mnr. P. Els (links), en dié bouvereniging se streek-bestuurder vir Wes-Kaapland, mnr. J. P. Cloete (regs).



Stellenbosch reeds by

Wat met STELLENBOSCH 2000 beoog word, het donateurs se verbeelding in alle dele van die land en Suidwes-Afrika só aangegryp dat die fonds ná net agt maande reeds aan die R3 miljoen-kerf vat. Teen druktyd van dié uitgawe — dit was middel April — het alles daarop gedui dat die fonds binne enkele dae R3 miljoen sterk sou wees.

STELLENBOSCH 2000 is gerig op die uitbou van naagraadse opleiding en navorsing aan die U.S. Dit is ook 'n veldtog van die Universiteit om in die behoeftes aan mensekragte in die dekades vorentoe te help voorsien.

STELLENBOSCH 2000 is op 6 Augustus verlede jaar deur die Rektor aangekondig. Van meet af aan het dit besonder byval gevind onder oud-studente, sakemanne en ander ondersteuners van die U.S. en ná bietjie meer as vier maande, op 31 Desember verlede jaar, het die fonds gestaan op R2,43 miljoen.

Bydraes wat in die afgelope maande nog aan die Ontwikkelingsfonds gedoen is, is na die nuwe fonds gekanaliseer. Die Eeuveestrustfonds bly steeds die reserwefonds van die Universiteit en net die opbrengs word aangewend.

Links: Mnr. R. Rosenfeld, 'n direkteur van Ellerine Holdings Bpk., het namens sy maatskappy R1 000 aan die STELLENBOSCH 2000-fonds geskenk. Die tiek is aan mnr. Henry Visser, assistent-direkteur van Ontwikkeling, oorhandig.





Bo: Samancor Bestuursdienste (Edms.) Bpk. het R8 342 aan STELLENBOSCH 2000 geskenk. Hier oorhandig mnr. Nico Grobler, senior opleidingsbeampte van Samancor (regs), 'n tjeuk vir dié bedrag aan mnr. Henry Visser, assistent-direkteur van Ontwikkeling.

Onder: In Johannesburg het die finansiële direkteur van Jurgens Bodies Caravans & Trailers, mnr. W. A. Maree, 'n skenking van R5 000 aan STELLENBOSCH 2000 gedaan. Hier oorhandig mnr. Maree (regs) die tjeuk aan die Universiteit se direkteur van Ontwikkeling, mnr. P. J. Lombard.

2000

R3 miljoen

Oud-Maties, personeellede, ouers en vriende het weer eens 'n groter geldelike bydrae as in vorige jare gelewer. Dieselfde geld vir maatskappye.

Aan lede van die skakelkomitees wat onmisbare werk vir die Universiteit verrig, word opregte dank en waardering betuig.


In 1980 is R2 432 522 aan STELLENBOSCH 2000 belowe. Hiervan is R1 247 512 in kontant ontvang. Maatskappye se aandeel was R1 388 618, waarvan R980 910 in kontant ontvang is. Die Universiteitspersoneel, alumni en ander individue het R660 833 bygedra, waarvan R240 615 reeds in kontant ontvang is.

Testamentêre bemakings is vir die Universiteit steeds van groot waarde: uit dié bron is R1,32 miljoen verlede jaar verkry en R383 071 is uit boedels ontvang.

- Dié foto's, op een uitsondering na, is geneem by geleentheid waar donateurs persoonlik hul skenkings aan die STELLENBOSCH 2000-fonds kom oorhandig het.



Regs: Mnr. Fred Stiglingh, 'n direkteur van Rio Tinto-mynmaatskappy, het namens Palabora mynmaatskappy, wat 'n filiaal van Rio Tinto is, 'n skenking aan STELLENBOSCH 2000 gedaan. Mnr. Stiglingh het die tjeuk aan die Rektor, prof. Mike de Vries, oorhandig. Palabora het tot op datum reeds R26 000 aan die Universiteit geskenk.





Die raad van trustees van die EEUFEESTRUSTFONDS en die STELLENBOSCH 2000-fonds het onlangs op Stellenbosch vergader. Voor v.l.n.r. sit dr. Kosie Gericke (die U.S. se vise-kanselier), mnr. Jan de Necker (voorsitter), prof. Mike de Vries (rektor van die U.S.) en mnr. Pepler Scholtz. Agter v.l.n.r. mnr. Andries Esterhuyse (assistent-sekretaris), dr. Richard Cooke, dr. Etienne Rousseau, dr. Jan van der Horst, prof. Jannie de Villiers en mnr. Piet Lombard (sekretaris). Inlaafoto's: V.l.n.r. dr. Anton Rupert en prof. H. B. Thom, wat albei afwesig was, en prof. C. G. W. Schumann, wat verlede jaar oorlede is.

Hier is 'n lys van Oud-Maties, ouers, vriende en personeelde wat in 1980 in kontant tot die STELLENBOSCH 2000-fonds bygedra het. Net skenkings wat gedurende 1 Januarie — 31 Desember ontvang is, word erken:

OUERS EN VRIENDE

Aberdeen

Mnr. S. J. F. Bekker

Albertinia

Mnr. P. A. M. Streicher

Mnr. D. G. Willemse

Alberton

Mnr. B. J. Bothma

Alexandria

Mnr. en mev. E. D. Ferreira

Aliwal-Noord

Mnr. en mev. C. E. du Plessis

Mev. H. C. J. du Toit

Mnr. en mev. T. J. H. Kruger

Mnr. en mev. R. H. Mundell

Mnr. en mev. A. J. Munro

Mnr. en mev. W. Potgieter

Barkly-Oos

Mnr. M. C. N. Orpen

Barkly-Wes

Mnr. en mev. F. S. Nel

Mnr. P. J. van der Walt

Barrydale

Mnr. B. Cooke

Mnr. J. H. de Villiers

Mnr. H. D. Faure

Mnr. J. B. Summers

Mnr. H. Uys

Mev. A. van Rensburg

Mnr. en mev. G. J. van Tonder

Mnr. P. M. Zulch

Beaufort-Wes

Mnr. J. A. Mouton

Mev. A. M. Olivier

Mev. C. J. Vivier

Bellville

Mnr. J. J. Ackermann

Dr. en mev. K. Biesot

Mnr. W. J. Bodenstein

Dr. H. D. Brandt

Mnr. en mev. C. Brodalka

Mnr. S. L. Cronje

Mnr. en mev. M. J. de Koker

Dr. en mev. D. J. de Villiers

Mnr. en mev. D. J. du Plessis

Mnr. D. J. J. du Toit

Mnr. G. D. J. Duvenage

Mnr. en mev. R. F. Ehlers

Mnr. E. Esslinger

Mnr. T. J. Fowler

Mnr. J. N. Geldenhuys

Mnr. en mev. P. C. F. Gouws

Mnr. W. Hammer

Mnr. J. E. Kemper

Mnr. A. V. Kloppers

Mnr. J. J. Kritzinger

Mnr. en mev. H. C. H. Landman

Mnr. E. J. le Roux

Mnr. J. H. Leerkamp

Mnr. en mev. G. J. Maas

Mnr. en mev. J. Marshall

Mnr. F. Mocke

Mnr. en mev. A. Mohr

Mnr en mev. D. Nel

Mnr. en mev. I. Oosthuizen

Mnr. en mev. J. J. Pretorius

Mnr. en mev. L. Roode

Mnr. E. J. Ruffer

Mnr. R. J. C. Sahlertz

Kolonel J. W. Schneider

Mnr. en mev. C. J. Strydom

Mnr. J. D. T. Swart

Mnr. en mev. P. J. van der Westhuizen

Mnr. en mev. P. J. van Eyssen

Mnr. R. van Leeuwen

Mnr. en mev. J. J. van Lill

Mnr. en mev. J. P. van Rensburg

Mnr. en mev. B. C. Viljoen

Mnr. en mev. P. W. von Zeuner

Mnr. A. Vos

Mnr. S. A. Walters

Mnr. en mev. H. J. Wiid

Benoni

Mnr. J. W. Blair

Bergvliet

Mnr. A. du Toit

Mnr. E. H. Fourie

Mnr. G. J. P. Goosen

Mnr. W. Hoehler

Mnr. A. G. Ivey

Mnr. en mev. C. L. Marais

Mnr. W. J. van Heerden

Bethlehem

Mnr. J. P. Jordaan

Mej. N. Loubsar

Bloemfontein

Mnr. W. C. de Kock

Mnr. D. E. Marais

Dr. P. le R. Pohl

Dr. H. A. Reinach

Mnr. E. D. Sowden

Mnr. B. Steyn

Mnr. L. A. Visagie

Mnr. J. L. Wandrag

Boksburg

Dr. S. L. Snyders

Bonnevale

Mnr. D. J. le Roux

Mev. A. M. E. Roux

Mnr. D. C. Stemmet

Mev. M. H. Strydom

Mev. H. Verreyne

Mnr. en mev. L. A. Wentzel

Bothaville

Mnr. L. H. Retief

Brakpan

Dr. D. Kruger

Bredasdorp

Mnr. en mev. B. Bellingan

Mnr. C. Cruywagen

Mnr. C. H. B. de Kock

Mnr. en mev. N. du Toit

Mnr. M. J. Goldie

Mnr. J. C. de W. Hanekom

Mnr. J. N. Human

Mnr. P. Pratt	Mnr. R. C. Botha	Mnr. en mev. R. A. M. Cloete
Mev. A. Swart	Mnr. en mev. P. W. Coetzer	Mnr. F. M. de Wit
Mnr. en mev. J. B. Uys	Mnr. H. L. Crouse	Mnr. J. I. J. Nel
Mnr. J. J. van Deventer	Mnr. J. S. de Jager	Groot Brakrivier
Mnr. J. Wessels	Mnr. G. J. Jordaan	Mev. M. M. Swanepoel
Brits	Dr. en mev. P. J. Pienaar	Grootfontein
Mnr. G. D. Bolt	Mnr. G. Veldsman	Mnr. H. F. K. Hoffmann
Adv. H. L. Breedt	Mnr. W. J. Venter	Mnr. P. H. W. Hundsröfer
Mnr. M. Nadari	De Doorns	Mnr. R. A. E. Otto
Mnr. J. H. Rossouw	Mnr. D. L. de Kock	Grunau
Mnr. H. T. van der Merwe	Mev. D. G. Jordaan	Mnr. en mev. G. F. de Wet
Mnr. H. S. Verbeek	Mnr. en mev. C. Palm	Hankey
Bronkhorstspruit	Mnr. en mev. R. Palm	Mnr. J. J. Scheepers
Mev. K. W. Maritz	De Doorns/Hexrivier	Harrismith
Buffeljagsrivier	Mnr. J. M. de Kock	Mnr. J. J. Blignaut
Mev. C. M. Langenhoven	Mnr. I. Dicey	Hartswater
Mnr. W. S. Smith	Mnr. P. B. Jordaan	Mnr. W. J. Burger
Mnr. en mev. D. Steyn	Mnr. S. C. Rossouw	Mnr. S. J. Deetlefs
Burgersdorp	Mev. J. M. Skinner	Mnr. en mev. J. F. J. Malan
Mnr. en mev. L. J. Botha	De Rust	Mnr. M. D. Ras
Mev. S. de Bruin	Mnr. P. J. Crafford	Mev. A. Steensma
Mnr. en mev. C. de Klerk	Dealesville	Mnr. G. I. Wessels
Mnr. P. J. de Kock	Mnr. P. L. van Schalkwyk	Heidelberg, K.P.
Mev. G. A. du Plessis	Delmas	Dr. S. J. Bosman
Mnr. en mev. B. C. Greyling	Mnr. J. J. A. van Wyk	Mnr. C. Coetzee
Mnr. A. B. Groch	Despatch	Mnr. en mev. J. Coetzee
Mnr. G. D. Joubert	Mnr. J. V. G. Nortier	Mev. M. Coetzee
Mnr. L. A. Lategan	Mnr. R. van H. van Rooyen	Mnr. J. L. de Bruyn
Mnr. en mev. J. J. Olivier	Mnr. L. A. J. van Schalkwyk	Mnr. en mev. P. du Toit
Caledon	Dordrecht	Mnr. T. L. Duminy
Mnr. K. F. E. Bell	Mnr. en mev. W. A. Strydom	Mnr. W. G. Duminy
Mnr. M. Broodryk	Douglas	Mnr. F. D. Falck
Mnr. J. R. Dowling	Mnr. en mev. F. J. J. Brand	Mnr. D. Fourie
Mnr. en mev. J. H. du Plessis	Mnr. en mev. A. de Villiers	Mnr. P. V. R. Gildenhuys
Mnr. en mev. I. S. du Toit	Mnr. H. H. Dugmore	Mnr. P. C. Gunter
Mnr. en mev. P. Grobbelaar	Mnr. G. P. Engelbrecht	Mnr. P. M. Gunter
Mnr. L. M. Groenewald	Mnr. B. H. Germishuys	Mnr. C. K. Hopkins
Mnr. en mev. J. H. F. Kleyn	Mnr. en mev. P. Krynauw	Mnr. en mev. J. Human
Mnr. J. W. Lambrechts	Mnr. R. R. Liebenberg	Mnr. G. D. M. Joubert
Mnr. F. J. C. Visser	Durban	Mnr. J. le Roux
Mnr. J. Wiehahn	Mnr. D. J. Botha	Mnr. en mev. L. le Roux
Calvinia	Mnr. en mev. H. S. Buys	Mnr. J. M. Myburgh
Mnr. J. E. Oliver	Dr. A. A. Cilliers	Mnr. F. H. Odendal
Mnr. en mev. D. J. Visagie	Dr. N. M. Dawber	Mnr. en mev. D. Rademan
Carnarvon	Mnr. I. J. M. Jordaan	Mnr. Schonken
Mnr. B. R. Meintjes	Mev. M. S. Kleynhans	Mnr. J. Snyman
Carolina	Dr. H. Koefman	Mnr. P. E. Steenkamp
Mnr. A. L. van Rijn	Mnr. D. N. Lanz	Mnr. en mev. H. P. Stigligh
Ceres-omgewing	Mnr. J. Mare	Mnr. P. O. Streicher
Mnr. T. Celliers	Dr. K. Margolis	Mnr. en mev. C. F. Swart
Mnr. D. E. Fernhout	Dr. P. R. Mesham	Mnr. B. G. Uys
Mev. A. M. P. Louw	Mnr. M. W. B. Phillips	Mnr. en mev. E. Uys
Mev. M. M. S. Louw	Durbanville	Mnr. H. M. Uys
Mnr. F. J. Louwrens	Mnr. en mev. M. C. Bester	Mnr. H. P. Uys
Dr. D. H. Stegmann	Kolonel J. S. M. Britz	Mnr. en mev. J. B. Uys
Mnr. J. A. Stofberg	Mev. M. S. de Beer	Mnr. J. F. Uys
Citrusdal	Mnr. F. E. de Bruin	Mnr. J. F. Uys
Mnr. J. G. F. Bredenkamp	Mnr. J. de Jager	Mev. N. E. Uys
 Mej. M. R. Pretorius
 Mev. E. E. Roux
 Mn. A. N. Schreuder

Mej. E. Snyders	Mev. A. Kritzinger	Mnr. A. Eksteen
Mnr. W. J. Theron	Mnr. en mev. J. G. Kroese	Mnr. en mev. J. M. Kelly
Mnr. N. J. van den Heever	Dr en mev. H. E. C. Kruger	Mnr. A. P. N. Kotze
Mnr. C. A. van der Westhuizen	Mev. M. M. Krynauw	Mnr. en mev. P. A. S. le Roux
Mev. M. M. van Niekerk	Mnr. J. W. le Roux	Mnr. P. Z. Lourens
Springs	Mej. M. L. le Roux	Mnr. P. J. Louwrens
Mnr. R. T. Muller	Mnr. en mev. M. S. du P. le Roux	Mnr. J. U. Pratt
Dr. en mev. W. T. V. S. Naude	Mnr. S. J. Lewis	Ds. A. M. Robertson
Mnr. E. J. Smith	Mnr. H. G. J. Lintvelt	Mej. A. W. Rothmann
Mnr. en mev. A. P. van Wyk	Mnr. F. J. Lombard	Mnr. M. J. Steyn
Standerton	Ds. en mev. T. E. Lombard	Mev. J. M. Streicher
Mev. N. Heymans	Mnr. A. E. Londt	Mnr. en mev. S. J. Streicher
Stanford	Ds. A. C. Loubser	Mev. C. J. Uys
Mev. H. A. Nadel	Mnr. G. Loubser	Mnr. G. J. van Deventer
Stanger	Mnr. J. G. Loubser	Mev. M. van Eeden
Ds. J. L. du P. Raath	Mnr. en mev. J. W. Louw	Mnr. en mev. J. Verster
Stella	Mnr. W. P. Lubbe	Mnr. J. C. Visser
Mev. M. Geldenhuys	Mnr. J. Marais	Dr. T. F. Weich
Stellenberg-Omgewing	Mnr. S. Maree	Mnr. en mev. J. Wium
Dr. D. C. Clark	Prof. P. McLachlan	Ds. en mev. A. J. Zietsman
Genl. J. P. Gous	Mnr. A. M. Meyer	Theunissen
Dr. A. J. Louw	Mnr. G. Morkel	Ds. A. W. Celliers
Mnr. G. McGregor	Mnr. F. P. v. G. Nel	Dr. en mev. A. D. Deetlefs
Mnr. J. E. Potgieter	Mnr. G. Nieuwoudt	Tiervlei
Dr. en mev. W. P. van Zyl	Mnr. B. L. Nolte	Mnr. N. F. Schoombee
Stellenbosch	Mnr. en mev. M. J. Oosthuizen	Touwsrivier
Mnr. G. A. Agenbag	Dr. en mev. K. W. Pakendorf	Ds. en mev. P. J. de Vos
Mnr. A. Agnello	Mnr. H. C. Pauw	Dr. en mev. J. N. Smit
Mnr. E. Archer	Mnr. D. P. Pongracz	Tsumeb
Mnr. S. A. Barnard	Mev. M. Prosch	Mnr. en mev. E. van Z. Brand
Dr. R. B. Barrie	Mnr. B. Rode	Tulbagh
Mnr. C. H. Basson	Mnr. en mev. P. W. G. Rossouw	Mnr. J. G. du Plessis
Mnr. J. A. A. Basson	Mnr. B. K. H. E. Rothenberg	Mev. J. du Toit
Ds. en mev. G. J. V. Bell	Mnr. J. D. Roux	Mev. J. E. du Toit
Mnr. N. Bestbier	Mnr. en mev. J. A. Rupert	Mnr. J. N. P. Jordaan
Mej. H. J. Bester	Mnr. I. Scheepers	Mnr. C. Krone
Dr. en mev. A. J. Beyleveld	Mnr. D. A. Schoonees	Mnr. en mev. J. F. Krone
Mnr. M. Botha	Mnr. en mev. P. C. Schoonees	Mnr. N. C. Krone
Mej. V. Botha	Mnr. J. H. Schreuder	Mnr. D. B. E. Laubscher
Dr. J. de V. Burger	Prof. C. G. W. Schumann	Mev. M. le Roux
Mej. M. H. Cillie	Dr. en mev. J. Serfontein	mev. H. Maneveldt
Mnr. J. H. Cilliers	Dr. en mev. W. J. B. Serfontein	Dr. en mev. W. P. Oberholster
Mnr. L. W. Coetze	Mej. L. C. Sieberhagen	Mev. J. Parrott
Mnr. W. F. N. Cooper	Mnr. C. J. Smit	Mnr. F. J. Steynberg
Mnr. P. G. de Bruyn	Mev. I. Smit	Mnr. J. P. Studer
Ds. T. J. de Clercq	Dr. F. J. Snijman	Prof. C. J. Theron
Dr. C. A. de Klerk	Mnr. J. H. Spengler	Mnr. J. A. Theron
Mej. A. E. de Kock	Mnr. J. F. Spies	Mnr. J. F. Theron
Mnr. K. de Kock	Mev. H. M. Steyn	Mev. J. P. Theron
Mnr. A. C. de la Harpe	Mnr. en mev. P. G. Steyn	Mnr. J. H. S. van der Merwe
Mnr. J. F. de Lange	Mnr. G. M. Strydom	Mnr. en mev. J. C. van Niekerk
Mnr. en mev. T. T. de Villiers	Mnr. J. G. Swiegers	Mnr. J. G. van Niekerk
Mnr. D. L. de Waal	Mnr. J. P. Theron	Mnr. M. H. van Zyl
Mnr. en mev. J. A. L. de Waal	Mnr. en mev. P. T. Theron	Mnr. en mev. D. A. Viljoen
Mnr. J. H. de Waal	Mnr. R. T. M. Theron	Tzaneen-Omgewing
Mnr. L. du Pisanie	Mnr. G. G. H. Todd	Mnr. J. E. F. Badenhorst
Mnr. en mev. J. D. du Plessis	Mnr. A. J. Tomlinson	Mnr. P. F. Freyzen
Mnr. J. W. du Preez	Mnr. en mev. J. H. Uys	Mnr. en mev. F. Honiball
Mnr. N. D. du Preez	Mnr. A. van den Berg	Mnr. H. J. van Aswegen
Mnr. en mev. H. J. du Toit	Mnr. en mev. C. P. van der Merwe	Mnr. en mev. S. C. Wiid
Mnr. en mev. H. B. Ekron	Mnr. en mev. D. van der Merwe	Uitenhage
Mej. M. M. Eksteen	Prof. en mev. W. J. van der Merwe	Mnr. P. J. de Jongh
Mnr. en mev. G. W. Els	Dr. C. J. Visser	Dr. A. J. de Klerk
Mnr. L. S. Erasmus	Mev. J. N. Vos	Dr. F. E. de Villiers
Mnr. A. J. Foster	Mej. E. Wilson	Dr. E. F. du Plessis
Mej. D. Fourie	Dr. H. J. van Zyl	Ds. J. A. du P. Esterhuyse
Mnr. J. Fransen	Mev. M. Venter	Mej. S. L. Geldenhuys
Mnr. J. W. Germishuys	Dr. P. J. Venter	Dr. J. P. Gous
Dr. L. Gorfinkel	Mej. M. Vermeulen	Mnr. B. A. Grobler
Mnr. L. Gouws	Mnr. en mev. P. G. J. Koornhof	Ds. F. J. Hay
Mnr. F. E. Greeff	Sutherland	Mnr. en mev. F. R. Helm
Mnr. H. Griesel	Mev. S. H. du Plessis	Mnr. en mev. E. L. Kamfer
Dr en mev. D. J. Hattingh	Mnr. en mev. C. W. P. Steenkamp	Mnr. H. J. Kemp
Mnr. D. L. Hayward	Mnr. en mev. B. Meyer	Ds. en mev. G. J. Lamprecht
Mnr. M. C. L. Hendriksz	Mnr. en mev. T. K. Schulte	Mnr. D. E. T. le Roux
Mnr. P. W. Heunis	Swaarshoek	Mej. D. E. Lloyd
Mnr. G. Hofmann	Mnr. W. du Plessis	Ds. en mev. J. D. Loubser
Mnr. A. P. F. Hough	Swakopmund	Mnr. N. A. R. Moller
Mev. E. Immelman	Mnr. en mev. G. Vosloo	Mev. A. S. Naude
Mnr. J. J. de V. Jacobs	Mnr. G. W. W. Wagener	Dr. G. E. Nel
Mnr. L. J. Jooste	Mev. E. D. Wessels	Mej. E. M. A. Olckers
Ds. en mev. P. Jordaan	Mnr. G. J. Zaaiman	Mnr. P. H. Potgieter
Mnr. G. Kemp	Mnr. A. S. Zeeman	Dr. en mev. L. J. V. Rabie
Mnr. J. F. Kirsten	Mnr. D. G. Zwiegelaar	Dr. en mev. P. J. Rossouw
Mnr. H. L. Kock		Mej. M. Schoeman
Mnr. J. Krause		
Mev. O. Krige		

Ds. en mev. W. J. Smit	Ds. en mev. L. K. Louw	Mnr. C. F. van der Nest	Dr. I. H. Loubsen
Dr. C. J. Smith	Ds. C. F. Marais	Vryburg	Mnr. W. M. Oosthuizen
Dr. en mev. A. J. Snyman	Mnr. D. B. Mostert	Ds. W. F. Jordaan	Mnr. W. A. Pack
Dr. en mev. J. J. Snyman	Ds. en mev. B. H. van As	Mnr. en mev. C. R. Snyman	Mnr. S. J. Spies
Ds. J. P. van der Merwe	Dr. J. J. van der Vyver	Vryheid	Adv. en mev. G. J. C. Strydom
Ds. en mev. J. I. R. van Niekerk	Verwoerdburg/Lytteleton	Ds. H. P. Basson	Dr. A. van Dam
Dr. W. E. Verschuur	Mnr. M. M. Blanckenberg	Mnr. J. H. W. Breytenbach	Mnr. en mev. D. A. van der
Dr. J. M. B. Wagenaar	Mev. J. de Wet	Mnr. en mev. A. M. Hanekom	Merwe
Umtata	Mnr. en mev. P. A. R. Erasmus	Mnr. J. T. O. Klynsmith	Kmdt. G. S. van Niekerk
Mnr. en mev. J. N. Boshoff	Ds. en mev. F. S. Hay	Ds. en mev. L. W. Meyer	Ds. en mev. W. van Zyl
Adv. J. D. Pickering	Mnr. P. Kotze	Mev. A. M. Nel	Dr. G. S. Venter
Dr. G. B. Theron	Mnr. en mev. N. M. Kritzinger	Warden	Mnr. U. D. Voigts
Mnr. J. H. van Rensburg	Mnr. J. R. Malan	Ds. J. J. de Necker	Mnr. L. F. Vorster
Uniondale	Dr. en mev. C. H. de C. Murray	Warmbad (TVL.)	Mnr. D. J. Wolhuter
Mnr. en mev. W. J. Bester	Dr. en mev. R. T. Naude	Mnr. en mev. P. C. Malan	Witbank
Mnr. F. J. A. Brink	Dr. C. Z. Roux	Ds. J. G. Swanepoel	Ds. en mev. G. G. Coetzee
Upington	Mnr. J. E. Smit	Warrenton	Mev. R. de Clerk
Mnr. G. J. Agenbag	Mev. A. E. Spies	Ds. A. J. N. Carstens	Ds. J. J. Fourie
Mnr. G. J. Agenbag	Mnr. W. R. van As	Waterval-Boven	Mev. M. A. Fourie
Mej. S. E. Batt	Mnr. en mev. R. J. van Broek-	Ds. H. Theron	Mnr. en mev. H. J. Malan
Mnr. G. J. Carr	huizen	Welkom	Mnr. P. G. Pretorius
Mnr. C. R. Cornelissen	Lt.-Kdr. D. J. Wheatley	Mnr. T. C. de Villiers	Wittendrif
Dr. en mev. R. V. de Klerk	Victoria-Wes	Mnr. H. J. Maletzki	Mev. M. E. Viljoen
Mnr. P. J. de B. de Villiers	Mnr. J. P. de Wet	Dr. W. F. Seidel	Wolsley
Mnr. J. J. Dippenaar	Mnr. D. P. Hugo	Mnr. A. C. Strydom	Mnr. J. A. Buckle
Mnr. en mev. M. M. du Plessis	Dr. S. G. Nel	Mnr. H. C. W. Vermaas	Ds. en mev. C. Meyers
Mnr. J. C. F. Eksteen	Dr. W. P. Pienaar	Wellington	Mnr. en mev. A. Olivier
Dr. en mev. J. K. Eksteen	Mej. H. M. Swanepoel	Mnr. J. Botha	Mnr. en mev. G. Visser
Mnr. C. Engelbrecht	Mev. M. J. van Heerden	Mnr. C. R. Burger	Worcester
Mnr. C. J. Engelbrecht	Viljoenskroon	Dr. en mev. H. F. Conradie	Mnr. en mev. E. P. de Vries
Dr. en mev. H. J. Hendriks	Mnr. F. K. Mare	Mnr. en mev. A. J. Hoek	Mej. C. E. Aucamp
Mev. P. M. Hoffman	Mnr. J. T. Snyman	Mnr. en mev. C. A. Hofmeyr	Mnr. en mev. P. C. Basson
Mnr. J. A. C. Liebenberg	Villiers	Mev. A. D. Joubert	Mnr. M. B. Brink
Mnr. S. Malan	Mev. M. J. Pienaar	Mnr. en mev. C. Keevy	Mnr. J. M. Crawford
Mnr. C. H. Marais	Villiersdorp	Mnr. A. F. Kriel	Mnr. M. J. de Wet
Mnr. J. F. Millar	Mnr. G. P. Dall	Dr. en mev. D. T. Longland	Mev. A. J. M. du Plessis
Mnr. en mev. C. P. Moolman	Ds. A. J. de Klerk	Mej. H. A. Loubsen	Mnr. J. S. Esterhuysse
Mnr. en mev. D. Murray	Mnr. N. W. du Bois	Ds. G. S. Möller	Mnr. en mev. L. M. Fick
Mnr. en mev. P. A. E. Nel	Mnr. en mev. C. P. Jamneck	Dr. en mev. J. A. Mouton	Mnr. G. W. Fourie
Mev. C. W. Nothnagel	Mnr. J. D. Roux	Mnr. S. C. Rautenbach	Mev. W. Heatlie
Ds. F. P. Papenfus	Mnr. G. J. Smit	Mnr. S. C. Rautenbach	Mnr. P. J. Hendriks
Ds. J. J. Stadler	Mnr. W. F. Tredoux	Mej. H. M. Rousseau	Mnr. J. F. J. Joubert
Mnr. J. C. Strauss	Virginia	Mev. M. Schon	Mnr. S. Kok
Mnr. en mev. J. G. Theron	Ds. en mev. P. M. van Heerden	Mev. R. Schroder	Mnr. D. W. Linde
Mnr. S. J. van der Merwe	Vlakteplaas	Mnr. en mev. E. Smit	Mnr. P. W. Marais
Mnr. en mev. P. v.d. V. van Schoor	Mnr. J. J. Schoeman	Mnr. J. H. Swart	Ds. J. H. Martinson
Mej. L. van Wyk	Vlottenburg	Mnr. W. D. Terblanche	Mnr. en mev. P. O. Meiring
Mnr. en mev. I. J. Viljoen	Mnr. E. J. Smith	Mnr. en mev. C. J. van der	Mnr. D. Mocke
Mnr. J. Viljoen	Volksrust/Wakkerstroom	Merwe	Mnr. en mev. P. du T. Moller
Mev. C. C. J. Willers	Ds. J. H. de S. Roos	Mnr. F. J. van der Merwe	Mnr. P. S. Moller
Utrecht	Vrede	Mnr. en mev. D. C. Viljoen	Mej. C. Morkel
Mej. M. Van Rooyen	Mev. M. C. Cillie	Dr. en mev. A. C. Visser	Mev. N. Naude
Vanderbijlpark	Vredenburg	Wesselsbron	Ds. J. D. Nelson
Mnr. R. J. Crawford-Brunt	Mnr. D. F. Carse	Mnr. A. C. J. Calitz	Mev. M. Pansegrouw
Mnr. P. L. du Plessis	Ds. A. F. Gerber	Williston	Mnr. U. S. Pool
Mnr. J. B. Hauptfleisch	Mnr. P. A. Kotze	Mnr. C. F. van Wyk	Mnr. en mev. De V. Rabie
Dr. J. C. Huebsch	Mej. H. Loubsen	Willowmore	Mnr. F. D. Rabie
Mnr. J. L. Lamprecht	Mnr. S. J. Marais	Mnr. M. C. Loock	Mev. J. H. Rabie
Mnr. D. de W. Marais	Mnr. P. C. Martin	Mnr. A. L. Nortje	Mej. M. Reid
Mnr. A. M. Petrick	Mnr. W. Oosthuizen	Mnr. J. C. Nortje	Ds. en mev. H. H. Roux
Mnr. en mev. W. J. Schaap	Mnr. en mev. J. H. Snyman	Winburg	Mej. W. Roux
Dr. I. Steyl	Mnr. en mev. B. J. D. van der	Mnr. C. H. Hoffman	Mnr. C. J. Rust
Mev. E. Verwoerd	Vyver	Mnr. J. A. Kotze	Ds. A. L. Smit
Vanwyksvlei	Mnr. D. J. R. van Zyl	Windhoek	Mnr. J. Steyl
Mnr. en mev. J. A. G. Visser	Ds. en mev. P. A. van Zyl	Mnr. en mev. K. Alpers	Mev. A. M. Steyn
Velddrif	Mnr. D. E. Veldsman	Mnr. en mev. L. H. Becker	Mej. H. H. J. Swart
Mnr. M. A. Bergh	Vredendal	Mnr. en mev. P. Benz	Mnr. S. J. Terblanche
Mnr. S. C. Bester	Ds. H. J. A. Blom	Ds. J. P. J. Botes	Ds. en mev. J. U. Theron
Mnr. G. J. Geldenhuis	Mnr. D. K. Cornelissen	Mnr. M. Bottger	Mev. E. J. Truter
Mnr. en mev. B. D. Jordaan	Mnr. L. S. de Kock	Mnr. H. W. P. Bottger jr.	Mnr. D. J. van Tubbergh
Mnr. D. W. J. le Roux	Mnr. A. E. de Waal	Ds. M. Brand	Dr. en mev. G. N. van Wyk
Mnr. D. J. Liebenberg	Dr. J. C. Dreyer	Dr. en mev. J. F. Brocker	Mnr. A. S. Viljoen
Mnr. G. Nieuwoudt	Mnr. J. C. Engelbrecht	Dr. P. M. D. Burger	Mnr. D. W. Viljoen
Dr. D. Tolmie	Mnr. J. C. Goosen	Mnr. en mev. D. G. Conradie	Mnr. W. H. Wilson
Vereeniging	Mnr. en mev. J. M. Kock	Mnr. D. E. Esslinger	Wynberg-omgewing
Mnr. C. Aldrich	Mnr. J. P. Kritzinger	Adv. S. Frank	Mnr. J. G. J. Ehlers
Dr. P. de Bruyn	Mnr. C. H. Mulder	Mnr. E. Freyer	Dr. G. C. E. Heydorn
Mnr. en mev. G. C. de Jager	Dr. E. A. Nel	Mnr. W. O. Groenewald	Mev. P. Lotz
Mnr. G. de Klerk	Mnr. W. S. Robertson	Mnr. en mev. P. S. van H. Heyns	Mnr. J. Malan
Mnr. en mev. J. C. de Waal	Mnr. J. J. Rossouw	Mnr. H. C. Hugo	Kdr. D. H. S. Pretorius
Mev. S. Dippenaar	Mnr. D. E. Smit	Mnr. N. J. Jooste	Zastron
Mnr. en mev. A. J. Germishuys	Mnr. A. P. van Wyk	Mnr. M. Kehrmann	Mev. H. F. Botha
Mnr. en mev. D. Gertenbach	Mnr. J. A. F. van Zyl	Mnr. en mev. P. J. Krige	Ds. N. F. P. Burger
Mnr. A. J. Husselman	Mnr. J. J. van Zyl	Mnr. en mev. J. P. le Roux	Mnr. R. P. G. Malan
Mnr. H. L. Klynveld	Vrijzee	Mnr. J. W. Liebenberg	Zeerust
Ds. en mev. J. F. Kocks	Ds. J. A. Engelbrecht	Mej. U. H. Lösch	Prof. P. E. de Waal



Prof. Deon Retief (left) head of the ocean engineering project at Stellenbosch, is seen here on the E.T.S. Brown with the man after whom the vessel was renamed, Dr E. T. S. "Ted" Brown.



Newsmen and other dignitaries taking a closer look at the E.T.S. Brown at its mooring in Gordon's Bay harbour. This picture was taken shortly before the official renaming ceremony.

THE E.T.S. BROWN

THE E.T.S. Brown, the University's first research vessel, has put to sea.

A powerful aluminium-hulled vessel of 10,6 metres previously used for big-game fishing the E.T.S. Brown was donated to the University last year by Dr E. T. S. "Ted" Brown of Stellenbosch.

At a ceremony in the Gordon's Bay harbour last November the vessel was officially renamed in honour of its previous owner who bought it in Miami, Florida, some years ago. It was then known as the Mako and used by Dr Brown for big-game fishing in the Mozambique channel.

Dr Brown was one of the prime movers in the establishment two years ago of a research chair at the University in ocean engineering. He is a former chairman of the L.T.A. construction group and was chairman of the Zamco-Zambezi consortium which built the huge Cabo Bassa hydroelectric scheme in Mozambique.

Shortly after being shipped as deck cargo to Cape Town from Maputo in May last year, the E.T.S. Brown was given an extensive refit in the University's Faculty of Engineering. Its equipment at present includes a satellite navigator, radar, radio, echo sounders and Decca navigation.


The E.T.S. Brown is now a vital part of an ocean engineering programme to find a way of harnessing energy from sea motion. South Africa's coastal shelf is said to be practically perfect for this purpose as waves are of more constant duration than in many other parts of the world including Europe and Britain. Dr Brown regards Stellenbosch's ocean engineering venture as one of the most important in the search for alternative sources of energy.

KANSELIER OPEN B.J. VORSTER- GEBOU



Die Kanselier het met die amptelike opening 'n plaket in die voorportaal van die nuwe B. J. Vorster-gebou onthul. Hier staan dr. Vorster saam met die Rektor, prof. Mike de Vries.

Hanekom in Raad



'n Bekende predikant en gewese provinsiale rugbyspeler, ds. Jan Hanekom van die N.G. gemeente Stellenbosch-Sentraal, is in die Raad van die Universiteit aangestel. Hy is deur die Staatspresident benoem.

Ds. Hanekom het op Malmesbury skoolgegaan en aan die Kweekskool op Stellenbosch gestudeer. Hy is in 1949 gelegitimeer en het 20 jaar later na Stellenbosch gekom.

Ds. Hanekom, 'n oud-Dagbreker, was ook in 1947 SR-lid van die Maties. In 1949 het hy die gekombineerde Matie-Ikeyrugbyspan teen Fred Allen se All Blacks op Nuweland aangevoer en in dieselfde jaar ook sy W.P.-kleure verwerf. Van 1950 tot 1953 het hy vir die O.P. gespeel.

Hy is getroud met mej. Joan Vermeulen van Napier en die egpaar het vier seuns en 'n dogter.

Die Kanselier en oud-Staatspresident van Suid-Afrika, dr. B. J. Vorster, het op 9 Desember verlede jaar ná afloop van die eerste grade- en diplomaplegtigheid die amptelike opening waargeneem van die U.S. se nuwe gebou vir lettere en wysbegeerte wat na hom vernoem is.

Hy het by dié geleenthed die hoop uitgespreek dat die waarheid altyd in die nuwe B. J. Vorster-gebou gevind en daarvandaan uitgedra sal word "sodat die waarheid 'n mens kan vry maak".

Dr. Vorster het gesê as die Universiteit die talente wat hy oor die jare ontvang het aan die land teruggee, soos wat hy inderdaad gedoen het, dan het hy 'n wonderlike skeppingsdaad verrig.

Die U.S. het die fondamente gelê en die weg gebaan vir ander Afrikaanse universiteite wat ná hom gekom het. Vergelykings tussen die fakulteite en die geboue van Stellenbosch en dié van ander word soms gedoen. Dit gaan egter nie daarom of ander universiteite beter is nie, maar om die feit dat die Universiteit van Stellenbosch as maatskaplike gebruik word, het dr. Vorster gesê. (Berig: *Die Burger*)

Hermann Giliomee na Cambridge

Die Universiteit van Cambridge het 'n Jan Smuts Fellowship in Statebondstudies vir 1982 toegeken aan dr. Hermann Giliomee, senior lektor in geskiedenis aan die U.S. Dr. Giliomee vertrek vroeg aanstaande jaar met studieverlof na Brittanje.

'n Jan Smuts Fellowship in Statebondstudies word jaarliks deur die Universiteit van Cambridge uitgelooft aan 'n akademikus van 'n huidige of gewese lidland van die Britse Statebond.

Dr. Giliomee hoop om van sy studietyd aan Cambridge gebruik te maak om die tweede van drie volumes oor die politieke denke van die Afrikaner (1778 tot die hede) te voltooi. Die eerste volume verskyn teen die einde van vanjaar. Hy werk saam met dr. André du Toit, senior lektor in staatsfilosofie aan die U.S., aan dié volumes.

Dr. Giliomee is in Suid-Afrika as historikus bekend vir sy gesaghebbende werk, *Die Kaap tydens die Eerste Britse Bewind*. Hy is ook mederedakteur van die boek, *The Shaping of South African Society*, wat in 1979 verskyn het. In dieselfde jaar het 'n boek *Ethnic Power Mobilized: Can South Africa Change?*, wat hy saam met prof. Heribert Adam, hoogleraar in geskiedenis aan die

Universiteit van Yale in die V.S.A., geskryf het ook die lig gesien.

Dr. Giliomee het enkele jare gelede by twee geleenthede Fellowships van die Universiteit van Yale in die V.S.A. ontvang. Dit het hom in staat gestel om in 1973 en weer in 1977/78 aan Yale te studeer.

Sy vrou, Annette, en twee dogters, Francine (13) en Adrienne (10) sal hom na Cambridge vergesel.



Dr. Hermann Giliomee

Die Universiteit het laas in 1970 sy oudste oud-studente vir 'n eendaagse saamtrek na die kampus teruggebring. Hulle het daardie dag o.m. die eerste grade- en diplomaplegtigheid in die Stellenbosse stadsaal bygewoon waar hierdie foto geneem is.regs stap mnr. Andries Esterhuyse wat ook vanjaar se reëlings tref. Links verskyn prof. C. G. W. Schumann, destyds nog president van die Konvokasie. Tussen prof. Schumann en mnr. Esterhuyse is mnr. A. Stadion, wat in 1896 'n eerstejaar was, herkenbaar. Hy is intussen oorlede.



OUDSTES KOM TERUG

Die Universiteit van Stellenbosch gaan vanjaar 'n volskaalse poging aanwend om al sy oud-studente van vóór 1920 na die kampus terug te bring vir 'n eendaagse reünie.

Mnr. Andries Esterhuyse, adjunk-direkteur van Ontwikkeling, is met die taak belas. Hy het in die verlede reeds groot welslae behaal met soortgelyke saamtrekke of reünies. Sedert 1966 het hy meer as 4 000 oud-studente volgens jaargroepe na die kampus teruggebring.

"Vanjaar wil ons weer ons heel 'oudstes' terugbring. Ons wil graag hê hulle moet op 9 Desember by ons wees wanneer hulle dan onder meer as gaste van die Universiteit die jaar se eerste grade en diplomaplegtigheid in die D.F. Malan-gedenksentrum sal bywoon," sê mnr. Esterhuyse.

Die Universiteit se rekords toon dat daar tans 189 oud-studente nog lewe wat vóór 1920 Maties was. "Ek glo daar moet nog van hulle wees wat in die dae van die Victoria-Kollege, en voordat die Universiteit van Stellenbosch in 1918 ontstaan het, hier gestudeer het, al was dit net vir een jaar. Ek sou graag almal se name en adresse wil bekom. Op die oomblik het ek 129 in my besit," sê mnr. Esterhuyse.

Dit is vir die Universiteit ook belangrik om te bepaal wie op die oomblik sy oudste oud-student is. Die twaalf oudste Oud-Maties (akademies) is volgens die Universiteit se rekords (die aantal agter die naam dui aan in wat-ter jaar hy/sy 'n eerstejaar was): dr. A. A. Louw (1904) voorheen van Wolmaransstad; mnr. F. W. van der Merwe (1906) van Rondebosch; mnr. F. P. du Toit (1907) van Nelspruit; mnr. J. D. van Wyk (1907) van Riversdal; mnr. T. Kriel (1907) van Robertson; mnr. S. W. Burger (1908) van De Rust; mnr. J. P. Grobbelaar (1908) van Strand; mej. M. M. S. Marais (1908) van Malmesbury; dr. G. C. Scully (1908) van Durban; dr. F. J. Joubert (1908) van Paarl; prof. J. F. Burger (1909) van Kenilworth en prof. C. W. van der Merwe (1909) van Stellenbosch. Dit is moontlik dat sommige van die vermelde persone reeds oorlede is.

In 1970 toe mnr. Esterhuyse die oudste groep — dit was oud-studente uit die jare voor 1925 — na Stellenbosch gebring het, was van die oudstes mnr. A. Stadion

wat reeds in 1896 'n eerstejaar was, dr. Tinie Louw, 'n eerstejaar in 1904 en mev. Eugenie Fraser wat ook in 1904 'n groentjie was. Dié drie mense is reeds oorlede.

"Hierdie oudste alumni van die Universiteit kan nog kostelike gebeurtenisse aan ons mee deel wat ons op rekord sal plaas. As ons in gedagte hou dat toe die Universiteit op 2 April 1918 as selfstandige Universiteit geopen het, was die studentetal 558 met 17 professore en 13 lektore. Verlede jaar was die studentetal 11 954 met 194 professore en 541 ander dosente. In 1918 was daar net vier fakulteite teenoor die 12 van vandag," sê mnr. Esterhuyse.

Toe die U.S. amptelik in 1918 tot stand gekom het, het die feesprogram op 2 April van daardie jaar o.m. die volgende ingesluit:

- 'n Feesdiens in N.G. Kerk deur die Vise-Kanselier, prof. Moorrees.
- 'n Resepsie deur die Raad en Senaat en Studente.
- 'n Akademiese feesrede deur die bekende prof. G. G. Cillie.
- 'n Resepsie deur die Burgemeester en Stadsraad.
(Woordeliks aangehaal uit die feesprogram van 1918.)

Een van die bekendes onder die personeel in daardie jare was die digter Jan F. E. Cilliers.

Uitnodigings na die reünie op 9 Desember vanjaar sal later deur mnr. Esterhuyse uitgestuur word. Studente uit daardie jare wat nie Matieland gereeld drie keer per jaar by hulle huidige adres ontvang nie, moet besef dat mnr. Esterhuyse nie oor hul adresse beskik nie.

Indien dit die geval is, moet besonderhede so gou doenlik gestuur word aan: **Mnr. A. J. Esterhuyse, Departement Ontwikkeling, Universiteit van Stellenbosch, STELLENBOSCH 7600.** Die adjunk-direkteur se tel. no. is Stellenbosch 70010 of 2222.

"Hierdie oudste alumni is deel van die Maties se geskiedenis en tradisie. Vir ons is hulle belangrik en hulle kan daarvan verseker wees dat ons hulle baie gul op Stellenbosch sal ontvang en trakteer. Hulle moet net self sorg om op Stellenbosch te kom," het mnr. Esterhuyse bygevoeg.

Twee bekende Suid-Afrikaners is op 10 Desember verlede jaar deur die Universiteit met eredoktorsgrade vereer. Hulle is mnr. Fanie Botha, Oud-Matje en minister van Mannekragbenutting, en prof. Jannie Louw wat tot einde verlede jaar hoof van die Departement Chirurgie in die Fakulteit Geneeskunde aan die Universiteit van Kaapstad was. 'n Eredoktoraat in die Handelswetenskappe is aan minister Botha verleen en prof. Louw is met die graad Doktor in die Geneeskunde (honoris causa) vereer. Die eredoktors-grade is aan hulle verleen deur die Universiteit se Kanselier, dr. B. J. Vorster.

STEPHANUS PETRUS BOTHA is op 5 Mei 1922 in Lusaka gebore. Hy is die oudste van drie seuns en het sy eerste skoolopleiding op 'n plaasskool op Bothasrust en daarna op Silver Rest in die distrik Lusaka gehad. In 1933 is Fanie Botha vir sy skoolopleiding na Prins Albert in die Karoo gestuur. In 1937 is hy na die Hoër Jongenskool in die Paarl waar hy in 1939 gematrikuleer het. In 1940 is hy na Stellenbosch waar hy eers ingeskryf het vir 'n graad in die regte en daarna vir 'n graad in die ekonomie en handel.

Ná voltooiing van sy studies in 1945 het hy lid geword van dr. Anton Rupert se Rembrandt-organisasie waar hy 'n sleutelrol gespeel het as finansiële organiseerde. In 1955 het mnr. Botha gaan boer. Hy het hom op Louis Trichardt gevestig en sy kragte aan die openbare lewe gewy. Van meet af aan het hy 'n besondere belangstelling gehad vir watersake en streekbeplanning.

In 1958 is hy verkies tot die Volksraad in die kiesafdeling Soutpansberg. Sedertdien verteenwoordig hy dié kiesafdeling nog steeds in die Parlement. In die Parlement het hy hom toegelê op watersake, landbousake, finansies en volkerevhoudings.

In Februarie 1968 het hy adjunk-minister van Waterwese geword en in Augustus 1968 minister van Waterwese en van Bosbou.

Minister Botha het die Departement van Waterwese uitgebou tot 'n doeltreffende organisasie wat in staat is om die watersituasie te hanteer na die eise van die tyd.

In 1970 het mnr. Botha die Waterjaar aangekondig om 'n omvattende bevorderingsprogram van insig en begrip in alle vorms van waterverbruik, bewaring en beskerming by die hele bevolking aan te wakker. Dit was 'n uitmuntende sukses wat reeds aangeteken staan as een van die suksesvolste bevorderingsaksies wat in enige land van stapel laat loop.

As minister van Bosbou het hy 'n nuwe siening geskep in Suid-Afrika se benadering van die bosbedryf en aanverwante bedrywe. Met die oog op toekomstige voor-siening van hout en houtproduksie het hy met 'n omvat-tende program van vooruitbeplanning vir toekomsbe-hoeftes begin.

Op 24 Januarie 1976 het hy minister van Arbeid en van Mynwese geword en nou kan hy sy staal toon. Eers het hy vir hom 'n arbeidsadviseur benoem wat hom met raad kon bystaan in 'n veld wat die vernaamste hulpbron van die land, die mens, omvat en te doen het met mannekragontwikkeling, mannekragbenutting en mannekragbewaring. Toe het hy gesorg vir 'n Kommissie van Ondersoek na arbeidswetgewing in sy ministerie, wat terloops

ook die eerste veelvolkige liggaam van dié aard in Suid-Afrika was.

Gedaglig aan die eise van die tyd en die dringendheid van nog uitbouing van die mannekragbeleid van die land, het hy op die spoor van die Kommissie se werk gevolg. Toe die eerste verslag en die witskrif daaroor in Mei 1979 in die Parlement ter tafel gelê is, was hy dus gereed met verrekende wetgewing wat direk ingesny het in tradisionele beskouings, naamlik die wetlike erkenning van swart vakbonde, die afskaffing van werkreservering, reëlings met betrekking tot die deel van geriewe in 'n werkplek, en die instelling van twee statutêre liggeme wat op die arbeidsgebied sou werk — 'n nuwe Nywerheidshof wat hom in hoofsaak met billike arbeidspraktyke moes besig hou en 'n Nasionale Mannekragkommissie wat die regering oor alle arbeidsaspekte moes adviseur.

Dit was bykans 'n revolusie in die gebied van arbeidswetgewing en -denke en dit staan tot sy krediet dat hy die betrokke wetswysigings met sukses deur die Parlement kon loods, iets wat geensins 'n maklike taak moes gewees het nie gesien die heersende denke van die tyd.

Met besprekings dwarsdeur die land het hy tewens die bedryfslewe en die breë publiek met hom saamgeneem. Hiermee het hy aan Suid-Afrika 'n onskatbare diens

HOOGSTE BOTHA

beweys wat tot ver buite die landsgrense weerklaan gevind het en veel daartoe bygedra het om die land se beeld in die buitenland uit te bou.

In Maart 1980 het hy die projek, Mannekrag 2000, van stapel laat loop. Hiermee voer hy 'n oorredingsveldtog om almal daarvan bewus te maak dat arbeid ons mees waardevolle hulpbron is en optimaal ontwikkel, benut en bewaar moet word, sonder ag op ras, kleur of geloof, en dat ons almal iets hieromtrent moet doen.

Dit alles het sy realisme en insig, sy deursettings- en oorredingsvermoë, sy integriteit, sy durf en moed, tot die uiterste beproef. Dat hy dit met sukses kon doen, spreek boekdele.

Sy groot prestasie is sekerlik dat hy suksesvol deurgevoer het wat uit die ekonomiese oogpunt as noodsaaklik beskou is, maar wat in die Suid-Afrikaanse politiek 'n revolusie verteenwoordig het, en sy professionele politieke loopbaan op die spel geplaas het.

JAN HENDRIK LOUW is op 26 Mei 1915 op Middelburg in Kaapland gebore. Hy het sy skoolopleiding ontvang aan die Hoëskool Piketberg, die Hoër Volksskool Graaff-Reinet en die Hoër Seunskool Rondebosch. In 1938 kwalifiseer hy as geneesheer aan die Universiteit van Kaapstad.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog dien hy in die Suid-Afrikaanse magte in die Midde-Ooste as kaptein in die Mediese Korps. Hy keer in 1943 terug na Suid-Afrika en

behaal in 1946 aan die U.K. 'n meestersgraad in die snykunde met die hoogste lof. Gedurende 1951 studeer hy as Nuffield Dominion-beurshouer nagraads in Brittanje en Skandinawië.

Hy word in 1952 senior lektor aan Ikeys en drie jaar later hoogleeraar in chirurgie. Insgelyks word hy ook hoofchirurg van die Groote Schuur-hospitaal, die Rooikruis-Kinderhospitaal en die nuwe Somerset-hospitaal. In hierdie pos het hy spoedig sy merkwaardige vermoë as administrateur, leermeester en chirurg getoon.

Prof. Louw het vele bydraes tot die geneeskunde gelewer maar die een waarvoor die land en die mediese wetenskap hom altyd sal vereer, is op die gebied van die kinderchirurgie.

Die navorsing wat hy saam met prof. Chris Barnard gedoen het oor aangebore dunderm-vernuatings by babas — en die chirurgiese behandeling daarvan — het tot gevolg gehad dat die sterftesyfer weens dié abnormaliteit in die tien jaar ná 1952 drasties verlaag het. Dit het van 90% tot 12% gesak. Prof. Louw verdien ongetwyfeld die naam vader van pediatriese chirurgie in Suid-Afrika.

Hy het die belangrikheid van chirurgiese navorsing voortdurend beklemtoon en aangemoedig. Daarbenewens het hy ook die voorbeeld gestel — die indrukwekk-

kende lys van 231 publikasies wat hy die lig laat sien het, is sprekende bewys hiervan. Die jongste twee van dié publikasies het verlede jaar verskyn.

Prof. Louw het wye erkenning ontvang vir sy groot bydraes en buitengewone prestasies in die algemene, pediatriese en vaskulêre chirurgie. In 1960 word die Hamilton Maynard-medalje van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika aan hom toegeken, sy Alma Mater vereer hom in 1962 as 'n lewenslange "fellow", in 1963 bied die British Council hom 'n besoekende professorskap en drie jaar later is hy die ontvanger van die silwer medalje van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika. In 1973 word hy deur die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon met die Havengaprys vir geneeskunde.

Prof. Louw was en is nog steeds 'n gesogte besoekende dosent aan geneeskundige sentra dwarsoor die Westerse wêreld insluitende Australië en Nieu-Seeland asook in Hong Kong en Japan. Hy is erelid van elf oorsese kolleges en verenigings van chirurge en lid van nog drie ander. Erelidmaatskap van die S.A. Kollege vir Geneeskunde is verlede jaar aan hom toegeken en in 1979 het die Universiteit van die Witwatersrand hom met 'n eredoktorsgraad vereer. Ook die toekenning aan hom verlede jaar van die Staatspresident se Dekorasie vir Voortreflike Diens was 'n gepaste erkenning vir sy ongeëwenaarde bydrae tot die mediese opleiding en die ontwikkeling van akademiese chirurgie in Suid-Afrika.

Deur die jare het prof. Louw 'n besondere toegeneentheid tot en hartlike samewerking met die Departement Chirurgie van die Fakulteit van Geneeskunde aan die U.S. gehandhaaf. Hy het vanaf die eerste jare van dié fakulteit as eksterne eksaminator opgetree en sy vriendelike en genaakbare optrede by hierdie geleenthede word met waardering onthou.

EER AAN EN LOUW




Prof. Jannie Louw (links) en min. Fanie Botha voor die aanvang van die laaste grade- en diplomaplegtigheid op 10 Desember verlede jaar.

LOON OP DIE ARBED


Op die oggendplegtigheid van 9 Desember is doktorsgrade aan dié nege mense verleen. Voor v.l.n.r. drr. C. M. Pauw (D.Th.), J. H. H. Visagie (D.Ed.), J. J. Stamoolis (D.Th.) en A. J. C. Erwee (D.Th.). Agter v.l.n.r. drr. W. A. Saayman (D.Th.), A. A. Archer (D.B.A.), J. A. Loubser (D.Th.), D. Tromp (D.Comm.) en I. B. Deacon (D. Comm.).




Vyf nuwe doktore aan wie die grade D.Phil. en D.Litt. op die middagplegtigheid van 9 Desember toegeken is. V.l.n.r. drr. G. Pool (D.Phil.), P. J. Nel (D.Litt.), C. J. van der Merwe (D.Phil.), F. C. Calitz (D.Litt.) en J. C. Meyer (D.Phil.).



Op die laaste plegtigheid van 1980 is 16 doktorsgrade toegeken. Voor v.l.n.r. drr. J. J. Rossouw (Ph.D.), W. J. S. Schwabe (Ph.D.), A. E. Bunn (Ph.D.), J. F. Klopper (M.D.), M. C. Vorster (Ph.D.) en D. Beukes (Ph.D.). Agter v.n.l.r. drr. W. B. du Preez, A. J. Prins, J. N. W. de Jager, J. Steenkamp, N. P. Ferreira en F. van der Westhuizen — almal het die Ph.D.-grade verwerv. In-lasfoto's v.l.n.r. drr. Y. Edoute (Ph.D.), U. C. R. Gomes (Ph.D.), J. V. van der Merwe (M.D.) en G. K. Watson (Ph.D.)





Op 12 Maart vanjaar was daar twee aanvallige dames onder die sewentien doktorandi van die U.S. Voor v.l.n.r. drr. J. D. van der Poll (D.Litt.), L. Botha (Ph.D.), E. C. Britz (D.Litt.), J. I. Cilliers (D.Phil.), E. Lategan (D.Phil.), M. Leibold (D.Comm.), B. W. Oelofsen (Ph.D.) en P. H. Swanepoel (D.Litt.). Agter v.l.n.r. prof. D. Botha (M.D.), prof. C. J. P. Thomas (Ph.D.) en drr. G. A. Smith (Ph.D.), D. A. Boshoff (Ph.D.), K. Visser (Ph.D.), L. Raubenheimer (D.Ed.), D. Knoesen (Ph.D.), J. B. J. van Rensburg (Ph.D.) en A. E. Schaetzing (Ph.D.).

DIE Universiteit het einde verlede jaar en vroeër van-jaar meer as 3 200 manne en vroue opgelewer wat goed toegerus is om die uitdagings van 'n lewensbestaan die hoof te bied. Hulle was bevoorreg om aan 'n hoër opvoedkundige inrigting te kon studeer en hulle geleerdheid is iets wat niemand hulle ooit kan ontneem nie.


Die U.S. het op grade- en diplomaplegtighede op 9 en 10 Desember verlede jaar en op 12 Maart vanjaar altesaam 3 216 grade en diplomas — insluitende 47 doktorsgrade — toegeken.

Op 9 Desember is geskiedenis gemaak toe die graad B.Mil. die eerste keer in die fakulteit krygskunde aan vroue toegeken is. Luitenant Cornelia Human, Sandra Viljoen en Annette Leijenaar het dié graad ontvang. Boonop was lt. Human een van net twee B.Mil.-studente wat cum laude geslaag het. (Berig op bl. 25, foto op bl. 27).

Vir die Militêre Akademie op Saldanha was die verlening van B.Mil.-grade aan vroue veral vanjaar van besondere belang — dit het saamgeval met die Akademie se 30e bestaansjaarviering wat op 9 en 10 Desember gehou is. (Berig op bl. 25.)


In die Fakulteit Landbouwetenskappe het 'n vrou ook geskiedenis gemaak. Mej. Ortrud Steinhagen het op die Maart-plegtigheid die eerste vrou in die land geword wat die graad M.Sc. in skaap- en wolkunde ontvang het.

Grade en diplomas is op die Desember-plegtighede verleen deur dr. John Vorster, Kanselier van die U.S. en oud-Premier en -Staatspresident. Tydens die Maart-plegtigheid is dié taak vervul deur dr. Kosie Gericke, vise-kanselier van die Universiteit.




Mnr. Anton van Niekerk, student in die teologie en filosofie, wat in sewe studiejare (drie grade en 'n diploma) 'n gemiddeld van 82,36% gehandhaaf het, het verlede jaar die hoogste akademiese toekenning aan die Universiteit, die Kanseliersmedalje, ontvang. Dit word toegeken aan 'n uitstaande finalejaarstudent en is geskenk deur dr. B. J. Vorster, Kanselier van die U.S., wat dit hier aan mnr. Van Niekerk oorhandig.


Regs: Die W.P. se nuwe rugbybaas en oud-Springbok, mnr. Jan Pickard, en sy vrou, Ingrid (albei is natuurlik Oud-Maties), saam met hulle enigste seun, Jan, aan wie die graad B.Comm.LL.B. op 12 Maart toegeken is. Mnr. Pickard jr. het hom op dieselfde dag verloof aan mej. Jenny Scallan, dogter van mnr. en mev. Richard Scallan van Durban.




Bo: Mej. Elizabeth de Vries, dogter van die U.S. se Rektorspaar, het in Desember die graad B.Sc. (in pa se voetspore!) ontvang. Hier staan sy by haar ouers, prof. Mike en mev. Renée de Vries.



Mnr. Pieter Stofberg, wat gereeld vir die W.P. stoeien in 1979 ook SR-lid van die Maties was, het in Desember verlede jaar die tweede blinde student geword om die B-graad in die teologie aan die U.S. te ontvang. Hy is vanjaar in sy finale jaar aan die Kweekskool en wil graag in die bediening staan. Hy is die seun van mnr. en mev. J. A. Stofberg van Pretoria en het in 1974 aan die Skool vir Blindes op Worcester gematrikuleer.



Bo: Die bekende sakeman, dr. Louis Luyt, en sy vrou, Adri, saam met hulle dogter, Corlia, pas nadat die graad B.A. aan haar toegeken is. Die foto is op die grade- en diplomaplegtigheid in Maart vanjaar geneem.



Bo: Die bekende radiopersoonlikhede, Fanus Rautenbach en Douwlina Grobbelaar (dis net haar radionaam — in die gewone lewe is sy mev. Rautenbach!) saam met hulle seun, Frans, wat in Desember die graad LL.B. op Stellenbosch verwerf het.



*Vir
Lofwaardige
Diens...*

DRUKWERK- EN VERPAKKINGSPESSIALISTE

- TRIO-RAND DRUKKERS Tel. 53-2011
S.A. LITHO CO. LTD. Tel. 53-2011
PREMIER STATIONERY Tel. 53-2011
REPROGRAPH REPRODUCTIONS Tel. 53-2011
AFRIC MAIL ADVERTISING Tel. 45-4301
STANDARD PRESS Tel. 53-2011
SPECTRUM OFFSET Tel. Johannesburg 836-9391
DAGBREEK PERS (KAAP) Tel. 53-2011
KOMPERPRINT Tel. 53-6106
MASKEW MILLER Tel. 21-4744, 45-7731
PLASTICWRAP Tel. 53-2011

TRIO-RAND/S.A.LITHO
GROEP VAN MAATSKAPPYE

Ons het 'n wyn gemaak - Uitkyk Carlonet



. . . en hier op die historiese Uitkyk Wynlandgoed weet ons dat Uitkyk Carlonet W.O.S. een van die edelste Kaapse rooiwyne is wat nog ooit gemaak is.

Kyk deur die helder dieptes van die ryk donkerrooi na die volrype rondheid van die aristokratiese Cabernet Sauvignon-druif.

Ervaar die talmende boeket wat so kenmerkend is van hierdie skaamdraende wingerdstok.

Proe in sy robuuste volheid die vrugbare leem-rooigrond van Uitkyk en die ryheid van die droë somerson.


Drink dit nou met kennersgenot, of lê dit in u kelder neer in die wete dat u dit jaar na jaar met steeds groter waardering sal geniet.

*Uitkyk
Carlonet*

'n Volrondige, droë rooiwyn.
1973-, 1974- en 1975-Uitkyk Carlonet Cabernet Sauvignon is as 'Superieur' geklassifiseer deur die Wyn- en Spiritusraad.

Ook afkomstig van die Uitkyk Landgoed:
Uitkyk Carlsheim - Uitkyk Riesling -
Uitkyk Late Harvest.

Uitkyk-wyne word op die Landgoed gemaak en landswyd, sowel as internasional, deur Die Bergkelder bemark.



Die Bergkelder-seël op elke etiket van hierdie wyne is u onvoorwaardelike waarborg van gehalte.

